# HOËRSKOOL OOS-MOOT

## GEDRAGSKODE

## VIR

## LEERDERS

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | TITEL VAN BELEID | 3 |
| 2. | INWERKINGTREDINGSDATUM | 3 |
| 3. | DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING | 3 |
| 4. | HERSIENINGSGESKIEDENIS | 3 |
| 5. | INLEIDING | 3 |
| 6. | DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE | 4 |
| 7. | WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME | 5 |
| 8. | TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID | 5 |
| 9. | STATUTÊRE RAAMWERK, BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES | 6 |
| 10. | BELEIDSTELLINGS | 6 |
| 11. | OORTREDINGS, MAATREËLS EN VERHORE | 6 |
| | 11.1 Algemeen | 6 |
| | 11.2 Vlakke van oortredings | 7 |
| | 11.3 Ernstige wangedrag | 8 |
| 12. | OORTREDINGS WAT NIE SPESIFIEK OMSKRYF IS NIE | 8 |
| 13. | KRONIESE OORTREDERS | 8 |
| 14. | KOLLEKTIEWE MISDRYWE EN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR | 8 |
| 15. | VERDERE DISSIPLINÊRE MAATREËLS | 9 |
| 16. | ALGEMEEN | 10 |
| 17. | WYSIGINGS EN HERSIENINGS | 10 |
| 18. | GOEDKEURING | 11 |
| BYLAES | | |
| DEEL 1 | | 12 |
| DEEL 2 | | 21 |
| DEEL 3 | | 57 |
| DEEL 5.1 | | 65 |


**WYSIGINGSGESKIEDENIS**

| **Aard van wysiging** | **Datum goedgekeur** |
|---|---|
| Eerste goedkeuring | |
| Hersiening (roetine) | 24 Julie 2024 |
| Hersiening (roetine) | 24 Maart 2025 |
| Hersiening (roetine) | 24 April 2025 |
| | |

1. **TITEL VAN BELEID**

Die titel van hierdie dokument is *Gedragskode vir leerders van Hoërskool Oos-Moo*t.

2. **INWERKINGTREDINGSDATUM**

Die implementering van hierdie beleid sal effektief wees met die goedkeuring van die Hoof van die Departement (HOD).

3. **DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING**

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word of vroeër wanneer daar 'n verandering in relevante wetgewende raamwerk of operasionele vereistes is of op versoek van die Hoof van die Departement.

4. **HERSIENINGSGESKIEDENIS**

Sien wysigingsgeskiedenis

5. **INLEIDING**

a) Die Hoërskool Oos-Moot is ŉ openbare skool wat ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet No. 84 van 1996 (die "Skolewet") beheer word deur die skool Beheerliggaam (die "Beheerliggaam")[1]. Hierdie gedragskode vloei voort uit die visie en missiestelling van die skool en vorm die agtergrond waarteen die gedragskode en reëls vir leerders van die skool gesien en verstaan moet word.

b) Die Beheerliggaam moet ŉ gedragskode vir leerders saamstel en toepas en geen leerder is vrygespreek van enige bepalings van sodanige gedragskode nie. Die Beheerliggaam het hierdie gedragskode voorberei en in samewerking en konsultasie met die ouers, leerders en opvoeders van die skool aanvaar vir implementering[2].

c) In hierdie gedragskode, beteken en/of verwys:

   i. **"dissipline"** na positiewe gedragsbeheer wat daarop gemik is om toepaslike gedrag te bevorder en selfdissipline en selfbeheer in leerders te ontwikkel; en

   ii. **"sanksie"** slegs na een faset van dissipline, dit wil sê ŉ korrektiewe maatreël wat aan ŉ leerder wat oortree opgelê word, en die gevolge van sy/haar wangedrag moet dra om sodoende die ordelike samelewing van die skool te handhaaf[3].

d) Die eienskappe van dissipline kan kortweg as volg opgesom word:

   i. **Dissipline word gebruik om orde te skep.** Dit funksioneer binne ŉ sfeer van wetgewing waaraan die skool moet voldoen. Die administrasie van dissipline verseker dat die daaglikse optrede en gedrag van leerders georden is.

   ii. **Dissipline sorg vir regverdigheid**. Alle betrokke partye se belange en regte word op ŉ regverdige wyse beskerm en behartig in alle aangeleenthede wat leerders raak.



[1] artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2] artikel 8 van die Skolewet
[3] verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4] artikel 8(4) van die Skolewet
[5] kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6] artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

iii. **Dissipline beskerm die leerders**. In 'n ordelike, opvoedkundige omgewing beskerm dissipline leerders van onwettige en ongedissiplineerde optrede van mede-leerders. Dissipline moet konsekwent toegepas word om sekerheid by leerders te skep.

iv. **Dissipline dra by tot die emosionele groei van elke leerder**. Binne die konteks van opvoeding en onderrig verwys dit na die ontwikkeling en leiding aan leerders tot volwassenheid en om emosioneel en verstandelik te groei.

v. **Dissipline is toekomsgerig**. Die doel met dissipline is om leerders voor te berei vir integrasie en ontwikkeling en leerders te bemagtig om 'n toekomstige beroep suksesvol te kan beoefen.

vi. **Dissipline is primêr gerig om korrektief te wees en nie vergeldend nie**. Dit moet bydra tot die positiewe karaktervorming van die leerder se emosionele, verstandelike en morele ontwikkeling.

e) Norme, omstandighede en standaarde verander en gedragsreëls moet van tyd tot tyd hersien word om die gedragskode en reëls relevant te hou.

Enige veranderinge sal tydens saalbyeenkomste aan leerders deurgegee word en so genotuleer word. Die oorkopelende beginsel is dus dat 'n leerder van die Skool te alle tye 'n aanwins vir sy/haar ouers, sy/haar skool en die gemeenskap sal wees.

f) Die skool, gesagsfigure en skoolstrukture is afhanklik van die samewerking en ondersteuning van die ouergemeenskap om die opvoedergesag te bemagtig en effektief skooldissipline toe te pas.

g) Daar word van elke leerder verwag om homself/haarself so te gedra dat die skool se goeie naam en eer te alle tye vooropgestel word in die daaglikse handel en wandel van leerders en sodoende 'n gesonde selfbeeld te ontwikkel.

h) Die skool is in wese 'n vennootskap tussen ouers/voogde, personeellede, die leerder en die Beheerliggaam. Desnieteenstaande, in die *Guidelines for the consideration of governing bodies in adopting a code of conduct for learners* word dit duidelik gestel dat die ouers of voogde die uiteindelike verantwoordelikheid vir leerders se gedrag dra, en dat daar van hulle verwag word om die skool te ondersteun en van hulle kinders te verwag om alle skoolreëls en –regulasies te gehoorsaam.

## 6. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die doel van die gedragskode is om:

a) elke leerder van die skool daaraan te bind[4];

b) die aanvaarbare gedrag van leerders te bepaal;

c) te verseker dat die integriteit en die veiligheid van elke leerder en alle persone van die skoolgemeenskap beskerm en bevorder word;

d) 'n kultuur van respek, verdraagsaamheid en versoening onder leerders, opvoeders, ouers en ander volwassenes in diens van die skool te bevorder;



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

e) lewensvaardighede, selfdissipline, voorbeeldige gedrag en volwassenheid by leerders te kweek;

f) te verseker dat geen leerder op ŉ onwettige en onregverdige wyse behandel word nie, maar terselfdertyd dat al die regte van ander leerders en ander persone ook op dieselfde wyse beskerm word;

g) ŉ gesamentlike en samehorige kultuur van verdraagsaamheid onder leerders en opvoeders te bevorder;

h) te verseker dat administratiewe prosedures en dissiplinêre prosesse duidelik omskryf word en regverdige en billike prosedures gevolg word met die hantering van elke leerder, sodat elkeen die kans gegun word om aangehoor te word;

i) toe te sien dat die prosesse/prosedures nie misbruik mag word om die dissiplinêre prosesse te omseil of te misbruik deur kwaadwillige en versteurende gedrag gedurende die prosedures nie;

j) riglyne daar te stel vir aanvaarbare standaarde van gedrag wat verwag word van alle leerders van die skool;

k) die regte en verantwoordelikhede van leerders, die skool en opvoeders te omskryf;

l) die gevolge vir oortredings te bepaal;

m) ŉ prosedure te bepaal om oortredings wat as minder ernstig geklassifiseer is of wat nie formele dissiplinêre optrede vereis nie, deur ŉ opvoeder aangespreek kan word sonder die toestemming van die hoof en/of dissiplinehoof.

n) ŉ prosedure te bepaal om informele dissiplinêre optrede, wat nie ŉ aantekening regverdig nie, maar ouerbetrokkenheid verg, te reguleer.

o) ‘n prosedure te bepaal waar herhaalde oortredings hanteer word by wyse van ŉ vermeldingsrekord.

Die doel van hierdie gedragskode is nie om die gesag van die hoof of enige opvoeder van die skool te ondermyn nie.

## 7. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME

Woordomskrywings en akronieme is aangeheg as Deel 1.

## 8. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID

Die parameters en voorwaardes van die skool se gedragskode en –reëls sal van toepassing wees wanneer ŉ leerder:

a) homself/haarself op enige plek op die skoolterrein bevind;

b) hom/haarself binne enige lokaal op die skoolterrein bevind;

c) tydens enige skooltoer/-uitstappie;

d) tydens enige skoolaktiwiteit op of weg van die skoolterrein;

e) by enige ander skool of openbare plek;



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

f) waar hy/sy die skool verteenwoordig by enige aktiwiteit/optrede;

g) waar hy/sy as ŉ leerder van die skool geïdentifiseer kan word in of uit skooluniform/ander skooldrag/gewone drag;

h) binne en buite skoolure;

i) enige negatiewe aktiwiteite wat op enige sosiale platform mag plaasvind of geplaas word of versprei word wat die menswaardigheid van enige ander persoon of persone aantas en/of die skool se goeie naam en eer in gedrang bring, binne of buite skoolure.

## 9. STATUTÊRE RAAMWERK, BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES

Die statutêre raamwerk waarbinne hierdie gedragskode opgestel en toegepas moet word, is die Suid-Afrikaanse Skolewet No. 84 van 1996 ("SASW") en alle regulasies en kennisgewings uitgevaardig in terme van die SASW.

## 10. BELEIDSTELLINGS

Hierdie gedragskode sluit in en word aangevul deur ŉ aantal beleidstellings wat deur die skool se Beheerliggaam goedgekeur is en deur verwysing by hierdie gedragskode ingelyf word. ŉ Oortreding van enige van die beleidstellings sal ook ŉ oortreding wees van hierdie gedragskode. In geval van enige konflik tussen ŉ beleidstelling en hierdie gedragskode sal hierdie gedragskode gevolg word. Die beleidstelling is vervat in Deel 2.

## 11. OORTREDINGS, MAATREËLS EN VERHORE

### 11.1 Algemeen

a) Oortredings sal aangespreek word deur middel van die toekenning van debietpunte, tensy hantering daarvan anders vermeld word.

b) Sekere geringe oortredings van leerders sal waar moontlik eers op opvoedkundige wyse hanteer word en daarna gestreef word om goeie wedersydse kommunikasie en respek te bewerkstelling en verhoudings te herstel, alvorens na sanksies oorgegaan word. Leerders sal dan berispe en gewaarsku word om herhaling van soortgelyke insidente te voorkom.

c) Die dissiplinêre hoof of dissiplinêre beampte kan met inagneming van die graad en erns van ŉ sekere kategorie-oortreding die oortreder vir ŉ topbestuurverhoor of ŉ direkte Beheerliggaam dissiplinêre verhoor verwys.

d) Enige oortreding wat by herhaling gepleeg word, en waar die leerder versuim om te voldoen aan ŉ sanksie bv. debietpunte, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens, verhoor of anders; as deel van intervensie of korrektiewe maatreël, sal as <u>ernstige wangedrag</u> hanteer word wat tot skorsing of uitsetting kan lei (sien bylae met oortredings).

e) Vlakke van oortredings en voorgestelde sanksies is vervat in Deel 3.

f) Prosedure by minder ernstige oortredings is vervat in Deel 4.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

11.2 Vlakke van oortredings

Vlakke van oortredings wat nie Skedule 1 en Skedule 2 oortredings insluit nie, maar ’n verhoor regverdig (topbestuurverhoor).

a) Oortredings wat nie Skedule 1 en Skedule 2 oortredings insluit nie, word intern deur die topbestuur hanteer.

b) Topbestuurverhoor of Intervensiegesprek (vervat in Deel 5.1).

i. Die topbestuurverhoor dien as intervensie of as regstellende maatreël by oortredings van ernstiger aard en oortredings wat aangespreek moet word voordat dit na die Beheerliggaam verwys word en moontlike uitsetting oorweeg kan word.

ii. Die volgende oortredings word hanteer: Oortredings wat by herhaling voorkom en voorgeskrewe strafmaatreëls reeds toegepas is, maar nie die gewenste resultate gelewer het nie:

- rook en rookverwante oortredings;
- verbreking van voorwaardelike toelatingsvoorwaardes;
- weiering om aan ’n dissiplinêre ondersoek deel te neem;
- insubordinasie.

Sien negatiewe vermeldings en debietpunte.

iii. Die verhoor word hanteer deur ’n paneel saamgestel uit die dissipline hoof, dissiplinêre beampte, departementshoof(de), en adjunkhoof(de) tesame met die graadvoog (de) en maatskaplike werker/berader.

iv. Adjunkhoof of departementshoof tree op as voorsitter.

v. Dissiplinêre hoof en/of dissiplinêre beampte tree as getuienisleier op.

vi. Ouers word uitgenooi by wyse van ’n formele klagstaat.

vii. Die verhoor moet in skooltyd plaasvind.

viii. Geen regsverteenwoordiging.

ix. Slegs die skool is gemagtig om verrigtinge op te neem. Geen ouer of enige ander derde party mag opnames maak nie. Hierdie maatreël is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en dien ter beskerming van die privaatheid van minderjarige leerders wat in die verrigtinge genoem of bespreek kan word.

x. Bindende sanksies kan gegee word in lyn met die gedragskode.

xi. Finale skriftelike waarskuwing (geldig tot einde graad 12) word geteken.

xii. Verdere Topbestuurverhoorriglyne is vervat in Deel 5.1.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

11.3 Ernstige wangedrag: Skedule 1 en Skedule 2 oortredings[5]. Eksterne Beheerliggaamverhore

a) Skedule 1 oortredings is ernstige wangedrag wat skorsing tot gevolg kan hê.

b) Skedule 2 oortredings is ernstige wangedrag wat uitsetting tot gevolg kan hê.

c) Skedule 1 en Skedule 2 oortredings moet deur die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaamverhoor word.

d) Die aangeklaagde leerder mag geskors word van bywoning van die skool tot en met die datum van die verhoor en mag hy/sy nie sonder die direkte toestemming van die skoolhoof of sy gemagtigde die skoolterrein of enige lokaal op die skoolterrein betree of aan enige buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.

e) Die proses van tydelike skorsing van ŉ aangeklaagde leerder totdat ŉ verhoor plaasvind, setel onder die beheer van die skoolhoof[6].

f) Eksterne verhoorriglyne is vervat in Deel 5.2.

## 12. OORTREDINGS WAT NIE SPESIFIEK OMSKRYF IS NIE

Die skoolhoof en/of sy gemagtigde mag dissiplinêre stappe teen enige leerder neem of na die Beheerliggaam verwys waar die oortreding nie spesifiek in die gedragskode genoem word nie en wat daarop gemik is om die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omver te werp.

## 13. KRONIESE OORTREDERS

In gevalle waar ŉ leerder aanhoudend oortredings van ŉ minder ernstige aard begaan, sal ŉ opvoeder-/oueronderhoud gevoer word om die saak in die reine te stel en/of dissiplinêre stappe te neem.

## 14. KOLLEKTIEWE MISDRYWE EN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR

a) Die dissiplinêre optrede soos in hierdie en verwante beleide en gedragsreëls van die skool omskryf, is hoofsaaklik van toepassing op individuele leerders.

b) Bewerings van misdrywe of oortreding van die gedragskode en –reëls deur ŉ groep of groepe leerders waar soortgelyke oortredings begaan is, vorm deel van kollektiewe of gesamentlike misdrywe.

c) Kollektiewe misdryf/misdrywe mag op ŉ kollektiewe basis hanteer word. ŉ Enkele ondersoek en dissiplinêre verhoor mag gehou word onderhewig aan die beginsel hierbo vermeld, en mag deur die skool se dissiplinêre komitee binne konteks aangepas word, waar dit nodig mag blyk.

d) In ŉ kollektiewe dissiplinêre verhoor sal individuele leerders die kans gegun word om hulle saak te stel of getuienis te lewer voor die dissiplinêre komitee van die skool of getuienis aan te bied waarom hulle saak verskil van die ander leerders in die groep of groepe.

e) Die skool behou die reg voor om individuele of kollektiewe gedragsprosedures toe te pas waar dit onder omstandighede as gepas geag word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

## 15. VERDERE DISSPLINÊRE MAATREËLS

15.1 Verklikkers/aanmelding van oortredings/wangedrag (“Whistle Blowers”)

a) Verklikkers/aanmelders se optrede kan voorkom dat ŉ leerder sy/haar lewe in gevaar stel of in ŉ lae morele toestand verval of die skool se goeie naam en eer (en gevolglik die skoolgemeenskap) in sommige gevalle onherstelbare skade lei, wat eers na talle jare weer in ere herstel kan word.

i. Indien ŉ verklikker se naam dus bekend raak, stel hy/sy hom/haar bloot aan intimidasie, teistering, afknouery en dreigemente en selfs afkeur van opvoeders, ouers en verál die ouers van “oortreders” wat verkla is. Daarom moet die identiteit van ŉ verklikker ten alle koste beskerm en vertroulik gehou word.

ii. Vertroulikheid moet ten alle koste gehandhaaf word indien verklikkers met inligting na vore kom wat daarop dui dat ernstige oortredings of wandade gepleeg is of leerders beplan om ernstige oortredings te begaan of wandade te pleeg.

iii. Daarom is dit ŉ werklik ernstige oortreding indien iemand ŉ verklikker teister, dreig met enige aksie om sy/haar liggaam of goeie naam te skaad, intimideer, aanrand of beledig in enige opsig.

iv. Aan die ander kant moet die skoolhoof, opvoeders en leerderleiers daarteen waak dat wraakgierige en valse aantygings nie deur verklikkers gemaak word wat daarop gemik is om enige leerder in ŉ swak lig te stel of om die verklikker se saak te bevoordeel indien hy/sy betrokke is by enige wangedragondersoek nie. Indien bewerings as ongegrond bewys is, moet die verklikker dienooreenkomstig ingelig word en mag hy/sy addisionele getuienis aanbied of roep om die bewerings te staaf of moet hy/sy gewaarsku word teen die aflegging van valse verslae of bewerings.

v. Alle sake wat deur verklikkers aanhangig gemaak word, sal eers deur die dissiplinêre kantoor ondersoek word, waarna ŉ aanbeveling aan die Beheerliggaam gemaak sal word indien die saak van so ŉ ernstige aard is dat formele dissiplinêre verrigtinge ingestel moet word.

vi. In alle gevalle mag die verklikker deur sy/haar ouer of ŉ ander volwasse persoon wat deur die ouer aangewys is, bygestaan word, veral as dit mag blyk dat die verklikker ŉ ooggetuie was van ŉ oortreding en sy/haar verslag daartoe kan lei dat sy/haar identiteit rugbaar mag word en mag hy/sy deur ŉ tussenganger getuig indien dit nodig mag blyk in terme van artikel 8(7) en (8) van die Skolewet.

b) Dwelmtoetsing en ingreepsvryetoetse vir onwettige dwelmmiddels deur die skool[7]

i. Die toetsing sal geskied ingevolge die regulasies en die protokol daarvoor.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

ii. Geen leerder mag weier om getoets te word of dit te probeer ontduik of die toetsing te vertraag nie.

## 16. ALGEMEEN

a) Opvoeder-ouer onderhoud.

i. Om ŉ leerder sover moontlik te beskerm sal daar van ouers of voogde verwag word om ŉ onderhoud met die skoolhoof of ŉ ander opvoeder oor die onaanvaarbare gedrag van hulle kind(ers) te voer om die saak in die reine te stel.

ii. Sodanige ouerbetrokkenheid sal help en bydra om te verseker dat die leerder op ŉ aanvaarbare dissiplinêre standaard kom.

b) Identifisering van ŉ leerder
Geen leerder mag weier om hom-/haarself te identifiseer wanneer hy/sy deur die skoolhoof, ŉ opvoeder, ŉ lid van die Beheerliggaam en/of ŉ lid van die personeel versoek word om dit te doen nie.

c) Ander beleide wat deel vorm van die gedragskode
Van tyd-tot-tyd sal die Beheerliggaam ander beleide uitvaardig wat deel vorm van die gedragskode.

d) Bewaring en bekendstelling van die gedragskode

i. Een afskrif van die gedragskode moet te alle tye by die kantoor beskikbaar wees waar dit ter insae aan die leerders, opvoeders en ouers beskikbaar gestel kan word.

ii. Die oorspronklike kopie wat deur die voorsitter onderteken is, moet in die kluis bewaar word en ŉ gewaarmerkte afskrif by die skool se regsverteenwoordiger.

iii. Die gedragskode is op die skool se webtuiste beskikbaar (https://www.oos-moot.co.za),

e) Interpretasie

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van enige deel van die gedragskode, sal finaal besleg word by wyse van ŉ stemming deur die stemgeregtigde lede van die Beheerliggaam.

## 17. WYSIGINGS EN HERSIENINGS

a) Die gedragskode moet ten minste elke jaar hersien word om vir veranderende omstandighede in die skoolopset voorsiening te maak.

b) Indien die Beheerliggaam enige voorgestelde wysigings het, kan dit net geskied met ŉ meerderheidstem tydens ŉ vergadering van die Beheerliggaam.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

## 18. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goedgekeur deur die Beheerliggaam van die Hoërskool Oos-Moot.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur: (Skoolhoof) (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |
| **Aanbeveel deur: (SBL-voorsitter) (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |
| **Goedgekeur deur GDE: Departementshoof (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum van verifikasie** | | | |
| **Gesertifiseer deur:(Drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum** | | | |



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

## DEEL 1

### Woordomskrywings

1. Alkoholiese drank/middel beteken:
   - enige onwettige middel wat ‘n psigologiese of fisiologiese uitwerking het; en/of
   - enige middel wat sodanige effek het wat in onwettige besit is; en/of
   - enige onwettige bedwelmende of verdowende vloeistof of middel.

2. Aanranding/Geweld beteken:

   - daadwerklike of dreigende optrede van enige persoon teenoor enige ander persoon of persone, wat enige vorm van besering, hetsy fisies en of psigies insluit. In gevalle van enige dreigement kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van gebaar en of elektronies oorgedra word.

   - Alle vorms van fisiese/verbale bakleiery en/of teistering/boelie/intimidasie/ kuberboelie/dreigemente/afpersing en ander soortgelyke optrede sal dus aanranding daarstel.

3. Aanranding bestaan uit enige wederregtelike en opsetlike doen of late wat:

   - tot gevolg het dat iemand anders se liggaamlike integriteit direk of indirek aangetas word; of

   - iemand anders laat glo dat so ’n aantasting van sy of haar liggaamlike integriteit onmiddellik sal plaasvind.

4. Aanranding kan direk of indirek plaasvind deur:

   - die uitoefening van geweld, of

   - deur die dreigement van onmiddellike persoonlike geweld.

5. Aanklaer beteken, in konteks, Getuienisleier of Dissiplinehoof of Ondersoeker.

6. Aanmelding/Rapportering beteken die relevante aanmelding deur enige persoon aan die Skool verbonde asook enige lid van die gemeenskap van ‘n beweerde oortreding van die Gedragskode of enige reël van die Skool/wangedrag van ‘n leerder van die Skool.

7. [Die] Beginsel van die Waarskynlikheidsteorie beteken dat die dissiplinêre komitee alle weergawes van gebeure en aantygings moet oorweeg en dan moet besluit of die waarskynlikhede daarop dui dat die leerder onder die omstandighede, skuldig of onskuldig is  waar 50% + 1 skuldig is en 50% onskuldig is.

8. Bedrog beteken ’n onregmatige en opsetlike wanvoorstelling wat werklike of potensiële nadeel vir ’n ander veroorsaak.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

9. Besit beteken daadwerklike besit en/of om in beheer te wees van enige artikel, voorwerp en/of onwettige middel/dwelm/substans, of enige beeld, klankopname, video, foto, prent of ander elektroniese skepping wat gestoor is of op die geheue/elektroniese rekords is van enige digitale toestelle/selfoon/elektroniese toestel.

10. Enige voorwerp wat afgeneem is en/of geneem is en/of gebruik is sonder die wettige toestemming van die eienaar sal vermoed gesteel te wees.

11. Boeliegedrag (sien ook Skool se Anti-Boeliebeleid)

- ‘n Persoon word geboelie of geviktimiseer wanneer sy/hy oor ‘n redelike tydperk blootgestel word aan negatiewe aksies deur een of meer ander persone;

- Boelie is geweld wat fisies of psigies oor ‘n lang tydperk gepleeg word deur ‘n individu of ‘n groep wat gerig is op ‘n enkeling of enkelinge wat hom/haar/hulle nie in ‘n situasie kan verdedig nie.

12. Brandstigting beteken die opsetlike en onwettige handeling om ander se eiendom/plantegroei/vaste eiendom aan die brand te steek deur enige voorwerp of vloeistof of materiaal te gebruik.

13. Buite-kurrikulêre/Buitemuurse aktiwiteite by die Skool/op die Skoolterrein is waar ‘n leerder teenwoordig is in ‘n klaskamer, enige ander lokaal van die Skool, op ‘n ander plek op die Skoolgronde, op ‘n Skoolvervoermiddel of ander voertuig, tydens enige Skoolaktiwiteit of Skoolondersteunde aktiwiteit, enige aktiwiteit wat nie op die Skoolterrein plaasvind nie, in Skooltyd en/of buite Skooltyd in of uit Skooluniform of enige tyd waar ‘n leerder as ‘n ingeskrewe leerder van die Skool geïdentfiseer kan word selfs waar sodanige leerder se afbeelding op enige sosiale platform verskyn of hy/sy geïdentifiseer kan word op ‘n sosiale media platform of as ‘n leerder enige negatiewe plasing op ‘n sosiale media platform gemaak het.

14. Dag/Dae beteken dae van die week, uitsluitende Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en enige Skoolvakansies.

15. Diefstal is die onregmatige en opsetlike onwettige toe-eiening van roerende eiendom insluitend inligting in elektroniese formaat, wat aan iemand anders behoort en in iemand anders se besit is, en eiendom in enige formaat wat aan iemand anders behoort en in die dader se eie besit is.

16. Digitale toestel/selfoon/elektroniese toestel beteken enige elektroniese mobiele toestel wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers wat enige digitale beelde, video’s, foto’s en klank kan opneem en versend.

17. Dispuutbeslegtingskomitee beteken 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om oor dispute rakende die vertolking van die kode tussen leerders en opvoeders te besleg.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

18. Dissiplinêre Komitee [van die Beheerliggaam] beteken 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om 'n aanklag van beweerde ernstige wangedrag, wat teen 'n leerder/leerders aanhangig gemaak is, te besleg en om te besluit oor ‘n sanksie wat aan sodanige leerder(s) opgelê kan word.

19. Dissiplinehoof/Ondersoeker/Getuienisleier: 'n Bevoegde persoon, met ‘n SARO nommer wat skriftelik aangestel is deur die hoof om 'n bewering of vermoede van ernstige wangedrag te ondersoek en wat ook as aanklaer/getuienisleier gedurende ‘n dissiplinêre verhoor mag optree en ‘n klagstaat vir die hou van ‘n dissiplinêre verhoor teen ‘n leerder mag opstel en aan die leerder en sy/haar ouers mag oorhandig en die saak voordra en die Skool tydens ‘n dissiplinêre verhoor verteenwoordig.

20. Distrikskantoor beteken die Distrikskantoor van die Department in die Onderwysdistrik waarin die Skool geleë is.

21. Distriksdirekteur beteken die beampte van die Department wat verantwoordelik is vir die administrasie van onderwys in die betrokke distrik waaronder Hoërskool Oos-Moot toegewys is.

22. Department beteken die Gauteng Department van Onderwys (GDO).

23. Dokumentasie/Dokumente/Bewyse sluit die volgende in:

- notas of briewe van ouers;
- mediese sertifikate van mediese praktisyns;
- notas, briewe en verslae van ‘n leerder/opvoeder;
- aantekening en tekeninge van die persoon wat die bewerings van ‘n klagte ondersoek of wat die klag indien;
- enige ander vorm van inligting/bewyse of bewyse wat gebruik kan word om die klag te verifieer; en/of
- enige ander inligting vervat oor die leerders betrokke, wat op enige lêer in geskrewe of elektroniese formaat voorkom by die Skool.

24. Drag en Voorkoms beteken die bepaalde drag- en voorkomsbeleid van die Skool waaraan alle leerders moet voldoen tensy die BL ‘n uitsondering vir ‘n bepaalde leerder goedgekeur het.

25. Dwelm - Sien Onwettige Dwelmmiddel.

26. Elektroniese sigarette (e-sigarette) ook bekend as “vapers” - Elektroniese sigarette (e-sigarette) word gedefinieer as toestelle om ‘n chemiese mengsel te verdamp en te lewer aan die longe van die gebruiker - tipies ‘n samestelling van nikotien, propylene glycol en ander chemiese stowwe. Die produk word meestal deur die tabakindustrie verkoop. Elektroniese sigarette en verwante produkte en die gebruik daarvan is verbode by die Skool of tydens enige Skoolaktiwiteit.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

27. Gedragskode beteken die dissiplinêre gedragskode en reëls van die Skool.

28. Getuienisleier: ‘n Opvoeder of persoon met ‘n SARO-nommer wat deur die hoof aangewys is om in ‘n formele dissiplinêre verhoor die saak teen die aangeklaagde leerder(s) aan die dissiplinêre komitee voor te dra. Die persoon kan ook die vooraf-ondersoek behartig en getuienis versamel en die klagstaat en kennisgewing vir die hoof se handtekening saamstel.

29. Gevaarlike Voorwerp/Wapen beteken:

- enige springstof of ontplofbare toestel;
- enige vuurwapen of gaswapen;
- enige artikel, voorwerp of instrument wat nie ‘n vuurwapen is nie, wat gebruik kan word om 'n persoon liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om 'n persoon tydelik te verlam, dood te maak of bewusteloos te laat wat gebruik is om ‘n onwettige daad of daad wat in stryd is met die Gedragskode te pleeg;
- enige voorwerp wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant ingevolge die Skolewet tot gevaarlike voorwerp verklaar.

30. Graad beteken dié gedeelte van 'n onderwysprogram wat 'n leerder binne die bestek van een Skooljaar kan voltooi of enige ander onderwysprogram wat die Lid van die Uitvoerende Raad mag ag gelykwaardig daaraan te wees.

31. Hoof van die Departement - Is die Hoof van die Gautengse Onderwys Department.

32. Hookah/Waterpyp - Hookahs is waterpype wat gebruik word om spesiaal vervaardigde tabak in verskillende geure, te rook. Al dink baie gebruikers dat dit minder skadelik is, hou dit baie dieselfde gesondheidsrisiko’s in as die rook van sigarette. Hookahs is verbode by die Skool of tydens enige Skoolaktiwiteit.

33. Inbraak/kuberkraak beteken die onwettige/ongemagtigde daad van betreding met die gebruik van mag om enige perseel te betree of toegang te verkry tot enige struktuur, voertuig, kas/yskas/houer of enige eiendom van enige persoon op die Skoolterrein en in die proses skade te veroorsaak en/of eiendom onregmatig te verwyder. Dit sluit ook in om onregmatige toegang tot enige persoon se elektroniese inligting te verkry met enige rekenaar/digitale toestel en enige dreig/intimiderende boodskappe te stuur. (Sien ook kuberboelie.)

34. Kinderpornografie (Sien ook Pornografie) - Enige beeld, ongeag hoe dit geskep is, of enige beskrywing of aanbieding van ’n persoon, werklik of nageboots, wat uitgebeeld of beskryf of aangebied word as onder die ouderdom van 18 jaar, van ’n eksplisiete seksuele aard, hetsy sodanige beeld of beskrywing of aanbieding bestem is om erotiese of estetiese gevoelens te stimuleer al dan nie, met inbegrip van enige sodanige beeld of beskrywing van sodanige persoon.

35. [Gedrags]Kode beteken die dissiplinêre gedragskode en reëls van die Skool.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

36. Kuberruim-misdaad: Kuberruim-misdaad soos gedefinieer in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, Wet 25 van 2002. (RICA).

37. Leerder beteken enige persoon wat onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die Skolewet by die Skool.

38. Lid van die Beheerliggaam beteken enige verkose/gekoöpteerde lid van die SBL/Komitee van die SBL van die Skool.

39. Lid van die Uitvoerende Raad beteken Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys.

40. Onderwys/Opvoeding: Onderrig-instruksie of opleiding wat ingevolge die Wet aan leerders verskaf word;

41. Onwettige Dwelmmiddel beteken:

- enige onwettige stof/substans wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het; of
- enige stof/substans wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word.
- enige dwelm soos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is en teenstrydig is met artikel 4 van daardie Wet, die Skolewet en verwante wetgewing.

42. Ontwrigtende Gedrag beteken enige leerder wat onredelik enige opvoedingsproses by die Skool versteur of ondermyn, wat in stryd is met die goeie orde en die gesag van enige opvoeder/afrigter/ander persoon om opvoeding/instruksie te gee aan ander leerders en/of enige wettige opdragte nie na te kom nie of blatant ignoreer of terugpraat/onhoflik optree.

43. Ontwrigtende leerder beteken enige leerder wat ontwrigtende gedrag openbaar, pleeg of toon tydens enige opvoedkundige proses in die Skool, enige Skoolaktiwiteit, enige Skoolondersteunde aktiwiteit, of wat inmeng of poog om in te meng met enige opvoeder/afrigter/instrukteur wat gesag het oor die leerder of wat inmeng met ‘n bestuurder van ‘n voertuig wat leerders vervoer en/of enige persoon leed aandoen binne of buite Skooltyd, op of weg van die Skoolterrein af of waar die leerder as ‘n leerder van die Skool geïdentifiseer kan word.

44. Opvoeder beteken enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n Skool lewer.

45. Ouer: Beteken -

a. die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

b. die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder;

c. die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op Skool na te kom, soos omskryf in die Skolewet, 1996;

46. Permanente Uitsetting/Skorsing beteken die permanente verwydering van die leerder uit die Skool.

47. Personeellid beteken 'n persoon wat by 'n Skool in diens is.

48. Persoon beteken enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regspersoonlikheid.

49. Pornografie: Pornografie, in terme van die Gedragskode en Deel 1 (h) van GK 6903 van 2000, soos gewysig, soms verkort tot "porn of porno", is in sy breedste omskrywing die eksplisiete voorstelling van die menslike liggaam of die daad van seks in enige vorm met die doel om die kyker seksueel te stimuleer of te prikkel en selfs te skok.

50. Pornografie kan in verskeie vorme voorkom en dit sluit onder meer tydskrifte, foto's, tekeninge, afbeeldings, animasie, skilderye, klankopnames, rolprente, video's, op geheuestokkies, per epos, DVD's, CD's in en word algemeen ook op selfoontoepassings soos WhatsApp versprei aan en onder leerders.

51. Dit is onwettig om pornografie in enige formaat beskikbaar te stel, te toon of te versprei aan enige minderjarige op enige manier of deur enige toestel hetsy elektronies of andersins.

52. Rook beteken om in te asem/ in te teug/ uit te blaas/uitasem, asem inhou of kontrole te hê oor 'n aangesteekte/brandende tabakproduk/ vaper/plant/ onkruid/kruiemengsel/ sintetiese dwelm/mengsel/ "herbal"/ of om beheer te hê of uit te oefen oor sodanige voorafgenoemde aangesteekte/brandende produkte. Gerook en besig om te rook sal dieselfde betekenis hê.

53. Rowwe spel - Enige onregmatige, rowwe spel wat onveilig is of die goeie orde by die Skool versteur.

54. Hoof/Skoolhoof beteken 'n opvoeder wat as hoof van die Skool aangestel is of waarneem.

55. Deliktuele reg: Die gebied van die reg wat fokus op siviele regsaansprake vir skade of leed wat deur die handelinge of nalatigheid van 'n persoon veroorsaak is. Byvoorbeeld: seksuele teistering is 'n vorm van onaanvaarbare gedrag wat seksuele aard het en dikwels skade of leed aan die slagoffer veroorsaak. In die konteks van deliktuele reg beteken dit dat 'n persoon wat skade of leed ervaar as gevolg van seksuele teistering, 'n siviele regsaanspraak kan hê teen die persoon wat die teistering gepleeg het. Hierdie aanspraak kan onder meer skadevergoeding insluit vir die fisiese, emosionele en sosiale gevolge van die teistering.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

56. Seksuele Teistering - Enige handeling met ‘n seksuele konnotasie of ondertoon wat kan lei tot dissiplinêre optrede ingevolge die Skool se gedragskode, strafregtelike vervolging of ‘n deliktuele eis (punt 55) asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan ‘n individu se reg op ‘n veilige, nie-intimiderende werk-, speel- of leeromgewing aangetas word deur onder andere onwelkome seksuele toenadering; onvanpaslike aanraking; onvanpaslike taalgebruik; versoeke vir seksuele gunste waar die persoon wat die versoek rig in die posisie is om onder andere positiewe akademiese en ander prestasie-beoordelings te maak; vernederende, intimiderende en/of krenkende verbale en nie-verbale handelinge met ‘n eksplisiete of implisiete seksuele konnotasie of ondertoon wat ‘n persoon se menswaardigheid op enige wyse aantas.

57. Sigaret - 'n Sigaret is 'n produk waarmee tabak wat in 'n dun papier toegerol is, (waarvan meeste sigarette met ‘n filter toegerus is) gerook word deurdat die een kant met 'n vlammetjie aangesteek en dan gerook word. (Sien ook Rook.)

58. Skoolbeheerligaam beteken die beheerliggaam van die Skool, soos beoog in artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996

59. [Die] Skool beteken Hoërskool Oos-Moot, 'n openbare Skool soos beoog in Hoofstuk 3 van die Skolewet, 1996, wat 'n openbare Skool is wat leerders in graad 8 tot graad 12 inskryf.

60. Skoolaktiwiteit beteken enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die Skool op of buite die Skool se perseel binne of buite Skoolure.

61. Skooldae beteken weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en Skoolvakansies.

62. Skooleiendom - Alle toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en ander masjinerie of apparaat wat die Skool besit, huur of berg, wat ook alle LTSM insluit en ander toerusting soos dakwaaiers, gordyne ens. en/of vir die beskadiging of verlies waarvan die Skool wetlik aanspreeklik gehou kan word.

63. Skoolperseel/Skoolgrond - Die grond en geboue wat deur die Skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue asook alle ander, wat die Skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die Skool wetlik aanspreeklik gehou kan word.

64. Skolewet [SASW] - Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig.

65. Skorsing/Geskors/Tydelike Skorsing - Beteken dat 'n leerder nie daarop geregtig mag wees om:

- 'n klas by die Skool by te woon nie;
- gedurende die tydperk van skorsing, 'n amp te beklee of enige funksies of werksaamhede, soos beoog deur enige toepaslike wetgewing en wat met die bestuur van die Skool verband hou, te verrig nie;



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- aan buite-kurrikulêre aktiwiteite en ander Skoolaktiwiteite van die Skool deel te neem nie;

- of Skool vir 'n tydperk van hoogstens 5 - 7 Skooldae by te woon nie.

- Dit beteken dat die Hoof 'n leerder tydelik kan skors vanaf die tydstip dat 'n klagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is, totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur die dissiplinêre komitee gefinaliseer is, indien dit volgens die mening van die Hoof, in oorleg met die Departementshoof/ Dissiplinêre Hoof/ Ondersoekbeampte, in belang van die leerder of opvoeders en die Skoolgemeenskap geag word; onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder in staat moet wees om, onder behoorlike toesig, met sy Skoolwerk voort te kan gaan.

66. Tabak: Tabak verwys na produkte wat van gedroogde tabakblare vervaardig word, soos sigare en sigarette, snuif, pyptabak, pruimtabak en gegeurde shisha.

67. Teistering - Enige teistering/ afknouery/ boeliegedrag/ intimidasie/ viktimisasie/ afpersing/ ongewenste aanraking/ ongewenste taalgebruik/ aanranding/ onwelvoeglike gebaar, insluitende maar nie uitgesluit of beperk tot enige elektroniese kommunikasie, wat betrekking het tot enige individu/groep se geslag, ras, geloof, afkoms, getroude status, enige liggaamlike karaktertrek, seksuele oriëntasie of liggaamlike of taalgebrek.

68. Toesig beteken die bestuur en beheer van leerders op Skool of tydens ‘n Skoolaktiwiteit.

69. Uitsetting beteken die permanente beëindiging van 'n leerder se toelating as leerder tot die Skool deur die Departementshoof.

70. Wangedrag beteken wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie:

   70.1 wangedrag wat op die perseel van die Skool gepleeg word, hetsy gedurende of na Skoolure;

   70.2 wangedrag wat gedurende enige Skoolaktiwiteit gepleeg word ongeag of dit binne of buite die perseel van die Skool is en of dit gedurende of na Skoolure plaasvind;

   70.3 enige wangedrag wat in of uit Skooluniform, binne of buite die Skoolperseel gepleeg word, wat:

   - geneig is om die Skool 'n slegte naam te gee, die Skool se reputasie te skaad of in diskrediet te bring of sy goeie eer aan te tas;
   - met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die Skool inmeng;
   - met die voorwaardes wat vir enige Skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;
   - onderhewig aan die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

die Skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of

- deur die leerdergedragskode van die Skool, enige skoolreël, beleid en/of wetgewing verbied word.

71. Wapen/Gevaarlike Voorwerp/Replika beteken enige voorwerp waarmee skade, leed en of besering aan enige persoon aangerig kan word en sluit in gevaarlike wapens en ook vuurwapens of verdink kan word, verwar kan word deur ‘n persoon as ‘n regte wapen/gevaarlike wapen, onder enige omstandighede. Enige persoon wat in besit is van enige gevaarlike wapen/voorwerp onder enige omstandighede op die Skoolterrein of tydens enige Skoolaktiwiteit wat die vermoede kan laat ontstaan dat die persoon die intensie het of kan hê om die gevaarlike wapen/voorwerp vir enige onwettige/onregmatige daad aan te wend is in stryd met die Gedragskode.

72. Wraakpornografie: Die skep, verspreiding of dreigement om valse of regte pornografie of eksplisiete beelde te versprei sonder 'n persoon se toestemming/ kennis, ook bekend as "nie-konsensuele pornografie" of "wraakporno", is 'n inbreuk op privaatheid en 'n skending van die reg tot waardigheid, en is nie vryheid van uitdrukking in verhouding tot die Skoolgemeenskap nie.

**Akronieme**

73. AJV beteken Die algemene jaarvergadering van ouers

74. DBO beteken die Department van Basiese Onderwys

75. DH beteken die Hoof van die Department

76. GDO beteken die Gauteng Department van Onderwys

77. GKT beteken die Geslote kringtelevisie

78. LUR beteken die Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys

79. SAPD beteken die Suid-Afrikaanse Polisiediens

80. SARO (SACE) beteken die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders

81. SBL beteken die Skoolbeheerliggaam

81\. SPW beteken die Strafproseswet 19

82. LTSM beteken *Learning and Teaching Support Material*



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

## DEEL 2

### 1. BELEIDSTELLINGS

#### 1.1. Die wetlike gesag van beheeropvoeders

a. Die SASW verleen aan die Skool die magte om dissipline in die Skool te handhaaf soos in die kode en verwante beleide van die Skool omskryf word asook ander optrede wat teen die goeie en morele sedes indryf.

b. Die Skool sal verseker dat leerders en ouers ingelig is oor die bogenoemde dokumente en wangedrag as ‘n misdryf beskou word asook die prosedures wat gevolg sal word.

c. Alle leerders van die Skool is onderhewig aan die gedragskode tensy ‘n uitsondering deur die BL bepaal is.

d. ‘n Opvoeder in die Skool sal dieselfde regte as ‘n ouer hê om leerders te beheer en te dissiplineer (lyfstraf en ander ongeoorloofde gedrag uitgesluit) in die tydperk wat ‘n leerder by die Skool is, of by enige Skoolaktiwiteite betrokke is binne of buite Skoolure.

e. ‘n Opsomming van die gedragskode mag in die Skool se dagboek gepubliseer word.

f. Die hoof en/of sy gedelegeerdes mag deursoeking doen vir enige onwettige voorwerpe/middels ingevolge die nodige wetgewing van enige leerder sonder vooraf magtiging van enige ouers asook enige leerders toets vir die gebruik van onwettige middels in terme van die betrokke regulasies. Ouers sal na die tyd binne 24 uur van die afloop van ‘n skooldag ingelig word oor die uitslag van die deursoeking of toetse vir onwettige middels.

g. Die Skool mag die nodige sanksies toepas en dissiplinêre optrede instel ingevolge die kode en die betrokke wetgewing en regulasies.

h. 'n Opvoeder het die reg om, in ooreenstemming met hierdie gedragskode, skoolreëls en verwante beleide en toepaslike wetgewing, in sy/haar klaskamer te bestuur, leerders te dissiplineer en 'n leerder na die skoolhoof of die aangewese persoon soos deur die skoolhoof aangestel, te verwys om sodoende dissipline in die klaskamer te handhaaf.

i. Enige opvoeder wat kennis dra dat 'n leerder gedrag getoon het waar die leerder die gedragskode oortree en dit herhaaldelik of wesenlik inmeng met die opvoeder se vermoë om effektief met die leerders in die klas te kommunikeer/onderrig te gee of met die reg van enige ander leerder om onderrig en leer of te ontvang, kan 'n mondelinge/skriftelike verslag van sodanige gedrag by die skoolhoof of aangewese persoon indien vir verdere optrede, indien nodig.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

## 1.2. Individuele regte, verantwoordelikhede en ere-Kode

a. **Individuele regte:** Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het elke ingeskrewe leerder van die Skool die volgende regte en onderneem elke leerder om die regte en verantwoordelikhede te erken, te aanvaar, te eerbiedig en daarvolgens te handel en na te kom, maar is ook bewus daarvan dat sommige regte ingeperk kan word:

- onderrig te ontvang in ‘n gestruktureerde akademiese omgewing.
- deur ander lede van die Skool gerespekteer te word ongeag persoons-/godsdiens- of kulturele verskille.
- gereelde terugvoering/verslae te ontvang aangaande sy/haar akademiese vordering.
- die vryheid van spraak op ‘n volwasse en taktvolle wyse toe te pas sonder dat haatspraak, seksistiese en ander aanstootlike taal gebruik word.
- regverdig behandel te word.
- verseker te wees van veiligheid van persoon en besittings.
- in ’n skoon, gesonde en rommelvrye omgewing te werk en te speel.
- die vrymoedigheid kan hê om ter enige redelike tyd te vra om hulp, raad en voorligting.
- die Skool by te woon sonder dwelms, wapens, afknouery, onder die invloed van enige onwettige middel, verontregtiging, intimidasie, seksuele teistering, boelie, intimidasie, enige ander vorm van teistering en/of enige kriminele gedrag teenwoordig is.

## 1.3. Die verhouding van elke leerder met die Skool, mede-leerders, opvoeders en ouers

a. Elke leerder van die Skool verbind hom/haar om:

- begrip vir ander leerders te hê en verdraagsaam teenoor ander te wees.
- trots en lojaal te wees teenoor sy/haar ouers, Skool, opvoeders en skoolhoof.
- hoflik teenoor medeleerders, opvoeders, ouers en medemens op te tree.
- die reëls en gedragskode van die Skool te gehoorsaam en te eerbiedig.
- nie onwelvoeglike taal op die skoolterrein, in die klasklamer, of tydens enige skoolaktiwiteit of waar die leerder in skooluniform is te gebruik nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- geensins enige onwelvoeglike boeke, tydskrifte, video's, prente, tekeninge, foto's of enige ander voorwerp wat aan ander aanstoot sal gee op die skoolterrein te bring, aan enige ander leerder te verskaf, te versprei of te toon nie.

- getrou die skool by te woon.

- die korrekte skooldrag te dra en die voorkomsreëls van die Skool na te kom.

- te alle tye as ambassadeur van sy/haar Skool op te tree en sodoende die korrekte beeld van die Skool uit te dra.

- die gesag van die opvoeders wat oor hulle aangestel is te erken.

- alle redelike opdragte en versoeke van opvoeders, hulle ouers en die Skoolhoof te gehoorsaam en uit te voer.

### 1.4. Die verantwoordelikhede van elke leerder

Die Skool se leerders se regte gaan hand aan hand met verskeie verantwoordelikhede. By toelating tot die Skool onderneem elke leerder om:

a. die geleentheid te skep vir ander om sonder belemmering te werk en om volle aandag aan hul lesse te gee.

b. die individualiteit van ander te respekteer.

c. ander billik en regverdig te behandel.

d. met eerlike gedrag die veiligheid van mense en eiendom in die Skool te handhaaf.

e. die skoolomgewing, klaskamers, kleedkamers en ander lokale skoon, netjies en rommelvry te hou.

f. stiptelik in alle fasette van die Skool te wees.

g. nie die Skool in enige verleentheid te stel nie.

h. nie ontwrigtend, ongedissiplineerd of ontegemoedkomend binne of buite die klas op te tree nie.

i. alle akademiese opdragte na die beste van hul vermoë uit te voer.

j. die gebruik van dwelms en ander onwettige middels en tabakprodukte ten alle koste te vermy en nie betrokke te wees by aanranding, die dra van wapens, kriminele aktiwiteite, intimidasie, afknouery, seksuele teistering, kuberboelie, ongemagtigde gebruik van selfone en ander elektroniese apparate, verontregting, rook of die besit van pornografiese materiaal nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

k. die eiendom van die Skool op te pas en nie te beskadig nie.

l. nie sy/haar medeleerders se eiendom sonder toestemming te neem, gebruik, te eet, te drink, te breek of te beskadig nie.

m. nie met enige apparaat van die Skool te peuter, te gebruik of sonder toestemming van ‘n opvoeder daarmee te werk nie.

n. nie onnodiglik hulself en andere blootstel aan gevare of gevaarlike toestande nie.

o. nie aan gevaarlike en rowwe speletjies of gewelddadige optredes sal deelneem op enige plek op die skoolterrein, in die klaskamers, die kleedkamers of ander lokale nie.

p. nie gevaarlike wapens of voorwerpe wat ander kan beseer in hul besit te hê of Skool toe of na enige ander skoolaktiwiteit te bring nie.

q. op die skoolterrein, tydens enige skoolaktiwiteit of waar hulle in skooluniform is of geïdentifiseer kan word as ‘n leerder van die Skool te rook of enige ander alkoholiese, medikasie of ander onwettige of verbode middel te gebruik, in te neem, te snuif, daarmee handel te dryf of aan enige ander mede-leerder van my eie of ‘n ander Skool beskikbaar sal stel nie.

r. om aan geen dobbelaktiwiteite of ander gelduitleenskemas deel te neem of te inisieer of te bedryf of as toeskouer op te tree waar so ’n aktiwiteit plaasvind tydens die skooldag of enige skoolaktiwiteit nie.

s. nie sonder toestemming van die Hoof enige produkte op die skoolterrein te verkoop of daarmee handel te dryf nie.

t. die Skool se erekode, gedragskode, reëls en toevoegings daartoe te gehoorsaam.

Daar rus ’n aanmeldingsplig op elke leerder van enige oortreding wat deur ’n leerder opgemerk word. Dit kan skriftelik, elektronies of in persoon gedoen word.

## 1.5. Bedagsaamheid

Leerders moet onthou en bedag daarop wees dat hulle te alle tye die Skool verteenwoordig en die beeld van die Skool te alle tye uitdra en daarom word daar van leerders verwag dat hulle:

a. alle skoolreëls, asook die reëls vir kleredrag gehoorsaam. Hulle moet goeie maniere openbaar, hulle waardig gedra en eerlik wees.

b. alle personeellede as meerderes beskou en met die nodige respek behandel.

c. dieselfde respek te betoon aan leierleerders as personeellede en insgelyks moet leierleerders respek betoon teenoor hulle mede-leerders.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

d. personeellede of enige volwasse persoon te alle tye beleefd te groet.

e. geen opvoeder, personeellid of ander volwassene aanspreek met sy/haar hande in hulle sakke nie.

f. alle redelike instruksies wat deur die skoolhoof, opvoeders en leerderleiers aan hulle gegee word, stiptelik en gewillig sal uitvoer en na te kom.

g. dat hulle mekaar met respek sal behandel en skinder/skinderstories te alle tye vermy.

h. ondanks die feit dat die Skool alle redelike voorsorgmaatreëls tref, bly elke individuele leerder primêr verantwoordelik vir sy/haar eiendom, die Skool se eiendom wat aan hom/haar toevertrou is, sy/haar optrede en gedrag gedurende klastyd of gedurende enige ander amptelike skoolaktiwiteit.

i. elke leerder tree as ambassadeur van die Skool op tydens enige geleentheid waar hy/sy die Skool verteenwoordig en/of in amptelike Skooluniform of sportdrag geklee is hetsy gedurende of na Skoolure.

j. woordewisselings/argumente/gevegte/gevloek en swak taalgebruik wat by die Skool ontstaan het, nie na Skool (in of uit skooldrag) voortsit nie, maar eerder die grieweprosedure sal volg.

k. nie in die saal te praat tensy toestemming daarvoor verleen is nie.

l. tydens ‘n saalbyeenkoms/optrede/vertoning stil te sit en die saal eers aan die einde van die optrede te verlaat.

m. om die terreinbestuurder en algemene diens-assistente te alle tye te respekteer.

n. alle omsendbriewe, kennisgewings en ander briewe en notas van die Skool en die beheerliggaam aan hulle ouers te oorhandig en die ontvangserkenningskeurstrokies stiptelik terug te bring en aan hulle voogonderwysers te besorg.

o. omsendbriewe, toetse en rapporte aan hulle ouers te oorhandig wat deur ouer(s) of voogde onderteken moet word en aan die voogonderwysers terug te besorg.

1.6. **Eerlikheidsbeleid**

a. Daar word van elke leerder van die Skool verwag om aan die Skool se eerlikheidsbeleid te voldoen ten opsigte van sy/haar werk en nie hom/haarself as iemand anders voor te doen as enige ander persoon nie of voor te gee dat hy/sy enige leiersposisie of ander posisie by die Skool beklee of magte het wat nie so is nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

Die Skool se beleid bepaal dat elke leerder sy/haar eie werk sal aanbied in take, huiswerk, akademiese werk, assesseringsprojekte sodat hulle werk op ‘n eerlike grondslag beoordeel kan word. Kullery in enige vorm is tot nadeel van die Skool en die insident sal aan die SAOK (*SAIC*) komitee as ‘n onreëlmatigheid van die Skool voorgelê word vir verdere ondersoek en optrede.

b. Eerlikheid is om:

- jou eie werk te doen en te voltooi en betyds in te handig.
- enige verwysingsbronne van watter aard ookal te vermeld.
- jou oë op jou eie werk te hou.
- te help en nie te kopieer nie.
- nie ander se werk af te skryf en voor te gee dis jou eie onder enige omstandighede nie.
- nie van enige ongeoorloofde/ontoelaatbare hulpmiddel, nota’s van enige aard op enige oppervlak en enige ander elektroniese toestel gebruik te maak tydens enige toets, eksamen en ander assessering nie.
- geen selfone of slimhorlosies in besit te hê tydens die skryf van toetse/ eksamens of die aflê van assesserings nie.
- elektroniese bronne met integriteit te gebruik en nie van “sny en plak” metodes [*“cut and paste”]* gebruik te maak nie.
- in enige dissiplinêre ondersoek/verhoor die waarheid te praat of in skriftelike verslae oor ‘n insident die waarheid neer te skryf.

## 1.7. Akkommodering van godsdienstige en/of kulturele gebruike van leerders

a. Praktyke, gedrag of verpligtinge wat verband hou met die kernwaardes en oortuigings van 'n erkende godsdiens en/of kultuur van 'n leerder en welke praktyke, gedrag of verpligtinge in konflik is met enige reël vervat in hierdie Gedragskode kan geakkommodeer word met 'n toestemming tot 'n redelike afwyking van hierdie Gedragskode deur die Skool se beheerliggaam, op skriftelike aansoek aan die Skoolbeheerliggaam.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

b. Die leerder, bygestaan deur sy/haar ouer/s, moet aansoek doen vir 'n redelike afwyking van die standaard Skoolreëls indien sodanige reëls in konflik is met of inbreuk maak op enige godsdienstige en/of kulturele regte van die leerder.

c. Sodanige aansoek moet op skrif gerig word aan die Skool se beheerliggaam en moet die volgende besonderhede en/of inligting insluit:

- 'n redelike interpretasie van die godsdienstige en/of tradisionele regte wat na mening van die leerder en sy/haar ouers deur 'n reël in die Skool se gedragskode ingeperk word sowel as 'n voorstel van hoe die reëls aangevul kan word of by goedkeuring van die Skool se beheerliggaam geakkommodeer kan word;

- die spesifieke reël/s in die Skool se gedragskode wat inbreuk maak op die leerder se godsdienstige en/of tradisionele praktyke, soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

- 'n brief van 'n godsdienstige/tradisionele leier, wat die volgende bevestig:

  - ➢ die bestaan van so 'n godsdienstige en/of tradisionele praktyk, gedrag of verpligting;

  - ➢ of sodanige godsdienstige en/of tradisionele praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend van aard is;

  - ➢ of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit ag dat sodanige praktyk ‘n vrystelling van Skoolreëls regverdig; en

  - ➢ dat die leerder aan so 'n godsdienstige en/of tradisionele groep behoort en aktief deelneem aan sy praktyke, gedrag of verpligtinge.

d. By ontvangs van die bogenoemde skriftelike aansoek, sal die Skool se beheerliggaam die aansoek om afwyking en/of vrystelling van enige bepaling van die Skool se gedragskode met die nodige erns en verantwoordelikheid oorweeg, inaggenome die volgende:

- die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

- toepaslike wetgewing en beleidsdokumente;

- betrokke beslissings deur howe;

- of sodanige godsdienstige en/of tradisionele praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend is;



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit ag dat sodanige praktyk ‘n vrystelling van Skoolreëls regverdig;

- die omvang van die vrystelling en/of afwyking vereis (m.a.w. hoe groot afwyking van die gewone skoolreëls); en

- die effek van die toestaan van die vrystelling en/of afwyking op die bereiking van 'n "gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, toegewy aan die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leerproses";

- die leerder en sy/haar ouers binne 30 Skooldae skriftelik in kennis stel van sy besluit.

e. (Sien die skool se Godsdiensbeleid.)

1.8. **Privaatheid / Vertroulikheid**

Die skool/beheerliggaam sal die privaatheid van ‘n klaer, die individu(s) teen wie ‘n klag ingedien word, en die getuies soveel as moontlik respekteer en beskerm, in ooreenstemming met die wetlike verpligtinge van die Skool om ondersoeke in te stel, toepaslike stappe te neem en te voldoen aan enige blootlegging en/of openbaarmakingsverpligtinge ingevolge die gedragskode.

Slegs die skool is gemagtig om verrigtinge op te neem. Geen ouer of enige ander derde party mag opnames maak nie. Hierdie maatreël is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en dien ter beskerming van die privaatheid van minderjarige leerders wat in die verrigtinge genoem of bespreek kan word.

Alle rekords (papier en elektronies) wat gegenereer word en dissiplinêre verhore wat gehou word onder die bepalings van die gedragskode en verwante wetgewing en beleide en reëls en die administratiewe prosedures daarvoor, sal as vertroulik bewaar word in die mate wat dit wetlik toegelaat word.

1.9. **Rapportering en aanmelding van oortredings van die gedragskode deur leerders**

a. Daar word van elke leerder redelikerwys verwag word om verantwoordelik te wees vir sy/haar eie gedrag. Daarom word daar van alle leerders verwag om onmiddellik oortredings van die gedragskode deur enige leerder aan te meld by 'n opvoeder, berader/ maatskaplike werker/berader, die hoof/adjunkhoof, dissiplinehoof, dissiplinêre beampte of ander aangewese persoon.

b. Enige leerder wat 'n leerder opmerk wat 'n wapen, gevaarlike voorwerp, verbode item, alkohol of onwettige stof op Skooleiendom of by 'n Skoolfunksie/aktiwiteit besit, moet hierdie inligting onmiddellik aan die hoof, enige opvoeder of enige ander volwassene wat hulle op die Skoolterrein kan vertrou, rapporteer.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

1.10. **Skoolkennisgewings, omsendbriewe en enige ander skriftelike kommunikasie**

Elke leerder moet enige kennisgewing, omsendbriewe en enige ander skriftelike kommunikasie wat deur die Beheerliggaam, die hoof, die administratiewe personeel of enige opvoeder aan hulle uitgereik is, aan ouers/wettige voogde oorhandig. Net so moet elke leerder dadelik enige terugstrokie of ontvangsbevestiging wat deur sy/haar ouer/wettige voog voltooi moet word, onmiddellik aan sy/haar voogonderwyser terugbesorg.

1.11. **Amptelike skooldokumente**

Geen leerder mag ‘n dokument wat aan of deur die Skool uitgereik is verander nie. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, Skoolverslae, kwitansies vir gelde wat aan die Skool betaal is, borglyste, briewe op die Skool se briefhoof, ens.

1.12. **Rapporte**

Elke leerder ontvang 'n rapport na elke termyn. Ouers sal per SMS of per ander elektroniese kommunikasie ingelig word oor die uitreiking van rapporte.

1.13. **Ontwikkeling van leerders se talente**

Elke leerder onderneem om getrou en na die beste van hul vermoë:

a. Tuiswerk te doen.

b. Te leer vir eksamens en toetse.

c. Om indien dit moontlik is, ten volle deel te neem aan alle sport, kultuur en ander aktiwiteite by die Skool.

d. Tot eer van hul ouers en die Skool te presteer.

1.14. **Deelname aan die skoolprogram / aktiwiteite**

a. 'n Leerder neem deel aan die opvoedkundige kurrikulum soos voorgeskryf deur die Gautengse onderwysdepartement, tensy vrystelling verleen is.

b. Skoolaktiwiteite bied ekstra geleenthede vir leerders om spesiale belangstellings na te streef wat bydra tot hul liggaamlike, psigiese en emosionele welstand. Dit is van sekondêre belang in verhouding tot die formele onderrigprogram. Die buite-kurrikulêre program ondersteun die opvoedkundige onderrigprogram om leerders ekstra geleenthede vir groei en ontwikkeling te bied.

c. Leerders wat gekies word om die Skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteite of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die amptelike sportdrag, tydens en na deelname in sodanige aktiwiteit.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

d. Die Skool se amptelike sportbeleid en buitemuurse beleid word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie gedragskode en reëls as Aanhangsel “D”. Ek het gehoor ons het nog 'n sportbeleid maar het hom nog nie gesien nie.

e. Alle reëls rakende leerdergedrag en leerderdissipline is ook van betrekking op alle Skoolaktiwiteite.

f. Wanneer 'n leerder by 'n buite-kurrikulêre skoolaktiwiteit aangesluit het, moet hy/sy, sy/haar verpligtinge nakom en sy/haar verantwoordelikhede in die verband nakom.

g. As ‘n leerder van die Skool wat deelneem aan 'n sport/ buitemuurse aktiwiteit wat deur die Skool aangebied word, is dit die leerder se eerste lojaliteit teenoor sy/haar Skool. In besonder word van deelnemers verwag om betyds en stiptelik aan te meld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers vertrek na die betrokke plek van deelname. Afwesigheid van 'n aktiwiteit waarvoor 'n leerder gekies is om die Skool te verteenwoordig sal slegs gekondoneer word indien 'n skriftelike verskoning aan die sporthoof oorhandig word, nie later nie as drie dae na die plaasvind van die betrokke aktiwiteit. Dit word van deelnemers aan die Skool se sportaktiwiteite verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor enigeen en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die sporthoof en die opvoeder/afrigter betrokke by die spesifieke sport, die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit en/of die spankaptein.

h. Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal, benewens die verpligting om die bepalings van hierdie gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike, onsedelike en immorele gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

i. Deelname aan enige skoolaktiwiteit is 'n voorreg en is nie 'n grondwetlike reg nie, en enige leerder wat die kode, skoolreëls of enige ander verwante beleid oortree, kan verbied word om deel te neem aan enige aktiwiteit en enige toekenning en/of erekleure wat verwerf word, kan verbeur word of enige leiersposisie in die Skool herroep word.

j. Alle leerderdeelnemers en alle toeskouers by die Skool sal op ‘n gepaste wyse tydens die aktiwiteite optree.

k. Leerders sal onderworpe wees aan dissiplinêre aksies en sanksies vir wangedrag of vir onvanpaste, onwettige of onsportiewe gedrag tydens hierdie aktiwiteite of gebeure.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

l. Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die hoof, adjunkhoof enige opvoeder en/of afrigter.

1.15. **Gedrag van leerders buite die skoolterrein**

a. Geen leerder van die Skool mag die Skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag in enige openbare plek of by enige ander Skool nie.

b. Geen leerder van die Skool mag die Skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag tydens enige skoolaktiwiteit op die skoolterrein in terme van die gedragskode en skoolreëls, hetsy in of uit skooldrag nie.

c. Leerders wat voor of na Skool wag vir vervoer, moet dit op 'n ordelike manier doen.

d. Leerders wat van busse / vervoer gebruik maak, moet optree volgens die instruksies van die bestuurder of die persoon wat amptelik in beheer is van die voertuig.

1.16. **"In Loco Parentis"- Verantwoordelikhede van opvoeders en ander skool-personeel**

a. Die verantwoordelikhede van die Skool se "In Loco Parentis" verantwoordelikheid van opvoeders en personeel teenoor alle leerders verminder onmiddellik by die uitgang van die skoolterrein, tensy dit in die sorg van 'n amptelik aangestelde persoon namens die Skool is. (sport / kulturele en ander amptelike skoolgeleenthede, tensy 'n kwytskelding / vrywaring van die "in locus parentis" plig deur die ouer/voog onderteken is).

b. Geen leerder mag na-ure op die skoolterrein wees tensy hy/sy aan 'n amptelike skoolaktiwiteit deelneem, of by 'n toesigklas is, detensieklas of studieklas of as 'n toeskouer moet aanmeld nie.

1.17. **Skoolreëls en klaskamerreëls**

a. Die skoolreëls wat nodig is om te verseker dat die skoolomgewing ordelik en veilig vir elke leerder is, word in die gedragskode en ander verwante skoolbeleide omskryf en genoem.

b. Elke opvoeder het ook bepaalde reëls wat geld vir sy/haar klaskamer wat daar gestel is vir die veiligheid van leerders en om 'n positiewe leeromgewing te bewerkstellig wat aanvullend tot die gedragskode is.

1.18. **Sanksies en ander wetlike aspekte**

a. Sanksies moet wettig, regverdig en billik wees.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

b. Wetlike aspekte - Alle wetlike bepalings rakende die kode en wangedrag, asook amptelike beleid, moet deurgaans deur die Skool en elkeen wat met die toepassing daarvan gemoeid is, nagekom word.

1.19. **Rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders**

a. Die Skool aanvaar dat daar 'n verantwoordelikheid rus op die skoolhoof en/of sy gematigdes om te poog om leerders te rehabiliteer wat skuldig is aan ernstige wangedrag soos rassistiese gedrag, seksuele teistering, substans misbruik, rook, aanranding, boeliegedrag, immorele dade, kuberboelie, laster van ander, diefstal en ander optredes wat ander se menswaardigheid aantas. Sulke rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders sal na oorlegpleging met ouers, die beheerliggaam en die Distriksdirekteur en ander professionele agentskappe aangebied word.

b. Die verantwoordelikheid vir rehabilitasie is egter beperk tot die voorwaardes van die toepaslike wetgewing en die behoefte om die meerderheid van die leerders in die Skool te beskerm.

c. Weiering van leerders om aan sulke programme deel te neem kan lei tot verdere dissiplinêre stappe en -verhore wat kan lei tot 'n aanbeveling van finale uitsetting uit die Skool by die Departementshoof.

1.20 **Onvanpaste gedrag van ongewenste/onbehoorlike intieme toenadering, onwelvoeglike ontbloting van enige ledemate en/of enige ander vorme van onwelvoeglike/immorele aanraking en ander immorele gedrag**

a. Nabye fisiese aanraking/kontak is onvanpas vir leerders in enige opvoedkundige aktiwiteite/milieu wat enige seksuele ondertone kan hê of as sodanig geïnterpreteer kan word en wat as onaanvaarbaar beskou kan word.

b. Leerders mag nie by enige vorm van ongewenste toenadering, soos soenery, onvanpaste omhelsing, arms om die skouers of middel of ander liggaamsdeel betrokke wees nie. Leerders mag nie op mekaar se skote sit nie, of op mekaar se bene sit nie, of hande vashou nie of deelneem aan aanraking van enige liggaamsdeel op enige wyse nie of enige ander immorele/onwelvoeglike/onbetaamlike gedrag, spraak, bewegings met enige liggaamsdeel, wat die norme van goeie smaak of gedrag wat deur die Skool as onaanvaarbaar beskou word, uitvoer nie.

c. Geen enkele leerder of 'n groep leerders of enige twee leerders van watter geslag ookal, mag enige daad pleeg of poog om dit te pleeg of deelneem aan enige daad en/of betrokke wees by enige onaanvaarbare immorele, onwelvoeglike, onvanpaste, onbetaamlike of enige onwettige dade of gedrag in die openbaar en/of onvanpaste toenadering in enige vorm op enige openbare plek, op die skoolgronde binne of buite sig van ander en/of weg van die skoolgronde tydens enige skoolaktiwiteit of skoolondersteunde aktiwiteit of skoolfunksie op enige skoolvervoermiddel, binne of buite skoolure, in of uit skooluniform of waar enige leerders as leerders van die Skool geïdentifiseer kan word, of waar enige ander leerders van die Skool of



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

enige ander Skool of lede van die publiek betrokke/teenwoordig is, pleeg nie. Dit sluit in enige vorm van seksuele teistering, -geweld of enige vorm van seksuele gedrag/daad, waar ‘n ander instemming/ toestemming verleen het al dan nie.

d. Geen leerder mag homself/haarself of enige intieme liggaamsdele ontbloot of dit aan enige ander leerder ontbloot nie en/of veroorsaak deur 'n ander persoon se klere te verwyder of klere op of af te trek op enige manier vas te hou om sodanige onsedelike blootstelling te veroorsaak nie.

e. ‘n Leerder sal nie ‘n daad pleeg wat ‘n ander persoon op enige wyse ontbloot nie.

f. ‘n Leerder sal nie deelneem of veroorsaak dat ‘n ander leerder by ‘n daad van geweld/aanranding/ poging tot aanranding en/of seksuele teistering of enige verwante daad betrokke is nie.

g. Geen leerder mag by "afspraak-geweld" ("dating violence")/-argument betrokke wees of pleeg of sodoende enige vorm van onsedelike daad of onsedelike ontbloting/ blootstelling of onwelvoeglike taal of gedrag veroorsaak of by betrokke wees nie.

h. Geen leerder mag betrokke wees by enige onvanpaste fisiese, gesuggereerde, seksuele gedrag, seksuele teistering nie, insluitend grappies, opmerkings, skinderstories, onvanpaste gebare of onwelkome liggaamlike gedrag of onvanpaste aanraking of liggaamlike kontak van enige aard/vorm nie.

i. Leerders mag nie aan enige vorm van seksuele aktiwiteite deelneem of aan 'n daad wat seksueel van enige aard is of aan ‘n aktiwiteit wat as sodanig vertolk kan word nie, op die skoolterrein of tydens enige skoolgeborgde aktiwteite, voor, gedurende en/of na skoolure of in of uit skooldrag en/of waar hy/sy as ‘n leerder van die Skool geïdentifiseer kan word.

j. Leerders mag nie aan enige konsensuele seksuele dade en of teistering in enige vorm deelneem op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein nie. “Konsensueel” beteken dat alle partye gewillige deelnemers aan ‘n daad is.

k. Openbare naaktheid / halwe naaktheid wat as ongewens of onvanpas beskou kan word, deur enige leerder word nêrens op die skoolterrein of op sosiale media toegelaat of tydens enige skoolaktiwiteit in of uit skooluniform, voor skool, gedurende skool of na skool toegelaat nie. (Sien Slenterdragbeleid)

l. Geen leerder of 'n groep leerders mag enige daad van seksuele molestering, geweld, teistering, boelie, afpersing, intimidasie of enige pogings daartoe op skooleiendom, skoolvervoer of tydens enige skoolgeborgde geleenthede, op of buite die skoolterrein, binne of buite die skoolure, onderneem nie of in of



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

uit skooldrag of op enige plek waar die leerder geïdentifiseer kan word as leerder van die Skool pleeg nie.

m. Geen leerder mag sekstekste aan ‘n ander stuur nie en rus daar ‘n verpligting op ‘n leerder indien hy/sy so ‘n seksteks ontvang op ‘n selfoon of ander elektroniese toestel hy/sy verplig is om dit aan te meld of aan sy/haar ouer te wys en te vermeld.

n. Indien enige sodanige gedrag soos hierbo genoem, onder die Skool se aandag kom mag die Skool enige dissiplinêre stappe na goeddunke neem.

1.21. **Verbode en Ontoelaatbare Items/Voorwerpe**

a. Leerders mag nie die volgende items/lewende diere/insekte/reptiele saam bring Skool toe of dit in hulle besit hê voor, tydens en na skool-ure op die skoolterrein, by die Skool of tydens enige skoolaktiwiteit sonder toestemming van die hoof of ’n opvoeder nie. Die hoof en/of enige van sy gemagtigdes mag beslag lê op enige van die voorwerpe en/of diere/insekte/arichnadae wat genoem word en mag enige onwettige voorwerp vernietig of na diskresie van die Skoolhoof weggedoen word daarmee.

- Kougom.
- Prestik.
- Tippex en ander soortgelyke korreksie-vloeistowwe.
- Naellak en/of grimeermiddels wat nie vir mediese doeleindes benodig word van enige aard.
- Aerosols van enige aard/haarsproei.
- Cook ’n Spray of enige soortgelyke items.
- Hoesmedisyne en ander medikasie wat nie voorgeskryf is of by die kantoor ingegee is of aan die graadvoogde gerapporteer is nie. Dit sluit noodmedikasie vir allegieë en diabetes uit.
- Gom en ander vloeibare gomsoorte in buise of blikke wat nie deel is van die Skool se voorgekrewe skryfbehoefte-items nie.
- Laserwysers/liggies (“lazers”) van enige aard.
- Glashouers van enige aard.
- Enige aerosols, spuitverf en soortgelyke houers wat enige stowwe/ chemikalieë bevat.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Enige tipe wapen/vuurwapen en/of ammunisie en/of enige gevaarlike voorwerp of replika van wapens/ vuurwapens /speelgoedwapens, speelgoedrewolwers/-vuurwapens of enige replikas van vuurwapens/gevaarlike wapens/voorwerpe.
- Ketties.
- Enige chemikalieë in enige vorm.
- Springtoue en enige ander tou, koord en/of elektriese koord.
- Plofbare toestelle insluitend enige vuurwerk en plofrolletjies vir speelgoedgewere.
- Sintetiese dwelmmiddels
- Vuurhoutjies en/of sigaretaanstekers.
- "BB" gewere of enige voorwerp wat projektiele van enige aard kan skiet.
- Sigarette en/of elektroniese rooktoestelle of enige "vapers".
- Klappers en/of enige ander vuurwerke.
- Nie te veel geld nie.

b. Die voorwerpe wat gekonfiskeer word sal vernietig word of na diskresie van die Skoolhoof weggedoen word daarmee na afloop van enige dissiplinêre stappe.

c. Die volgende items mag slegs met die toestemming van die Skoolhoof of sy gemagtigde(s) Skool toe gebring word onderworpe aan voorwaardes wat deur die hoof gestel word.

- Enige soort speelgoed.
- Elektroniese speletjies in enige formaat.
- Elektroniese apparaat, radio's, musiekspelers, stereospelers, laserskyfspelers, enige elektroniese apparaat wat musiek speel en/of die vermoë het om video's of ander elektroniese opnames te speel of enige doef-doef tas.
- Sellulêre telefone van enige aard en/of elektroniese tablette en ander digitale toestelle met of sonder oorfone en/of "ear buds".
- Kameras.
- Juwele en ander waardevolle items.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Troeteldiere/insekte.

1.22. **Deursoeking en beslaglegging[1]**

a. **Ewekansige deursoeking en beslaglegging, vir dwelmmiddels en gevaarlike voorwerpe:**

- Niemand mag 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel, medikasie van enige aard of enige middel wat toksies is of chemikalieë is op die skoolperseel inbring of sodanige voorwerp of dwelmmiddel op die skoolperseel, of tydens enige skoolaktiwiteit, in sy of haar besit hê nie, tensy die skoolhoof dit vir wettige opvoedkundige doeleindes gemagtig het.

- Die skoolhoof of sy gedelegeerde(s) mag enige groep leerders, of die eiendom van 'n groep leerders, ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel/voorwerp deursoek, indien 'n regverdige en redelike vermoede vasgestel is:

  - ➢ Dat 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel op die skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevind kan word: of

  - ➢ Dat een of meer leerders op 'n skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmiddels in hulle besit het.

  - ➢ Die skoolhoof of sy gedelegeerde(s) mag ook die SAPS versoek om ter enige tyd, indien daar 'n redelike vermoede bestaan daarvoor, die leerders se tasse, eiendom en persoon te laat deursoek met snuffelhonde sonder vooraf kennisgewing aan enige leerder, ouer en/of opvoeder.

b. Die genoemde deursoeking mag gedoen word slegs na inagneming van al die tersaaklike faktore, insluitende:

- Die beste belang van die betrokke leerders of van enige ander leerder(s) by die Skool.

- Die veiligheid, sekuriteit en gesondheid van die betrokke leerders of van enige ander leerder(s) by die Skool.

- Alle tersaaklike bewyse wat ontvang is of vermoedens wat bestaan.

- Indien die skoolhoof of sy gedelegeerde(s) 'n beoogde deursoeking doen, moet hy dit doen op 'n wyse wat redelik is en wat in verhouding staan tot die vermeende/gepleegde onwettige of ongeoorloofde daad.

---

[1] Sien artikel 8A van die Skolewet, en ander verwante beleide van die Skool



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Indien daar ‘n redelike vermoede of voldoende inligting bestaan dat gesteelde goedere/eiendom, gevaarlike wapens, vuurwapen of voorwerpe wat ander kan beseer, verbode middels/voorwerpe, dwelms of ‘n skadelike gevaarlike middel, pornografiese materiaal of items/goedere wat teenstrydig met die gedragskode op die skoolterrein gebring is deur ‘n leerder of in ‘n leerder se besit is tydens enige skoolaktiwiteit, het die skoolhoof of sy gemagtigde(s) die reg om die leerder se tas, sak, kledingstukke of enige ander houer te deursoek en beslag te lê op sulke items.

- Sodanige deursoeking of visentering mag nie voor ander leerders plaasvind nie, maar moet in 'n private area gedoen word, waar 'n ander leerder dit nie kan sien nie, tensy omstandighede dit nie toelaat nie en dan moet dit so menswaardig en met die nodige respek en waardigheid teenoor die leerder se liggaam, besittings, geloof en ras geskied.

- Die deursoeking en/of visentering mag slegs gedoen word deur die Skoolhoof en/of sy gemagtigde(s) wat skriftelik daartoe gemagtig is, wat van dieselfde geslag as die leerder moet wees en mag net gedoen word as dit nie 'n deursoeking van 'n liggaamsholte van die leerder(s) insluit nie. Andersins moet die verdagte leerder aan die SAPS oorhandig word vir verdere deursoeking.

- Los kledingstukke soos baadjies, ensovoorts wat sakke het moet deur die leerder op aanvraag uitgetrek word en mag deursoek word indien daar ‘n sterk vermoede is dat die leerder enige verbode item in sy besit het en dat dit in die kledingstukke se sakke is.

- Indien ‘n leerder ‘n pet, hoed of ander hoofdeksel/hooftooisel op het, moet hy/sy dit op versoek afhaal en die binnekant aan die gemagtigde persoon wat die versoek rig, toon. Die skoolhoof of gemagtigde(s) mag die hoofdeksel neem en deursoek. Die persoon wat die deursoeking doen mag aan die leerder se hare vat en voel of daar enige voorwerp daarin versteek is. Dit moet egter op ‘n menswaardige wyse geskied.

- Leerders moet ook op versoek, indien daar ‘n sterk vermoede is dat hulle in besit is van verbode items en/of gevaarlike voorwerpe, hulle kledingstukke se sakke en beursies en/of tasse en/of sakke uitpak en leeg maak en aan die opvoeder toon dat die sak/tas leeg is. Die opvoeder mag nadat alles uit die tas/sak gepak is die sak/en/of tas neem en self seker maak dat dit heeltemal uitgepak en leeg is.

- Deursoeking en beslaglegging van leerders se eiendom soos hierbo beskryf, mag in die geval van dogters slegs onderneem word deur ‘n vroulike opvoeder behoorlik skriftelik daartoe gemagtig deur die skoolhoof, en in die geval van seuns ‘n manlike opvoeder wat behoorlik daartoe skriftelik gemagtig is deur die skoolhoof. ‘n Tweede opvoeder of volwassene van dieselfde geslag moet teenwoordig wees om as getuie



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

op te tree dat die proses ingevolge die voorskrifte soos hier genoem, plaasvind en dat dit op ‘n menswaardige manier geskied.

- Indien ‘n verbode item by ‘n leerder opgemerk word het die skoolhoof en/of sy gemagtigde(s) die reg om die item by ‘n leerder af te neem en sal dit slegs aan die leerder se ouers oorhandig word of vernietig word, indien die oortreding van ‘n minder ernstige aard is. Dit moet in die leerder se leerderprofiel aangeteken word.

- Indien dit ‘n item is wat verbind kan word met die oortreding van ‘n wet of regulasie van die owerhede sal dit bewaar word en mag dit aan die polisie as ‘n bewysstuk oorhandig word en foto’s daarvan wat as bewys kan dien by ’n dissiplinêre verhoor geneem word en op die Skool se rekenaarstelsel afgelaai word vir bewaring en gerugsteun word. As dit nie ’n gevaarlike wapen/onwettige middel is nie sal dit verbeurd verklaar word en mag dit deur die Skool vernietig word en in die leerder se leerderprofiel aangeteken word. Geen persoon mag dit in besit neem nie.

c. Enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel waarop daar beslag gelê is, moet:

- Duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende-
  - die naam van leerder in wie se besit dit gevind is
  - die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging
  - die naam van persoon wat die leerder deursoek het
  - die naam van die getuie
  - enige ander besonderhede wat nodig kan wees om die item en voorval/insident te identifiseer.
  - in die leerder se leerderprofiel aangeteken word en ’n kopie onmiddellik aan die SAPD oorhandig word om daaroor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).
  - aan die polisie oorhandig om daaroor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977). Die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel in besit neem, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor aan die skoolhoof of aan sy gedelegeerde(s) oorhandig.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Deursoekings en beslagleggings waarby wettige buite-persone/ wetstoepassingsagentskappe (nie-Skool), wettige snuffelhonde en/of opsporingstoestelle betrokke is, word toegelaat en sal gedoen word waar toepaslik deur die skoolowerhede.

## 1.23. Veilige bewaring van gekonfiskeerde items en items waarop beslag gelê is

a. Sodra onwettige items wat aan 'n leerder behoort of in die leerder se besit gevind word of in die leerder se besit / tas / toesluitkas gevind is, moet dit gefotografeer of met video afgeneem word met toepaslike kommentaar.

b. Dit moet dan in die leerder se leerderprofiel aangeteken word met 'n beskrywing van die voorwerp en datum van beslaglegging waarby die leerder moet teken. Die item moet gemerk word en dan in die Skool se instapkluis bewaar word.

c. Alle redelike stappe sal getref word om te verseker dat die berging van sodanige items veilig is, maar alle gekonfiskeerde items word op die leerder se risiko in die kluis geplaas en die Skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of skade van enige aard nie aangesien dit as 'n onwettige item beskou word of 'n item wat teenstrydig met die Skool se gedragskode en reëls gebruik is of aangewend is.

d. Sommige items sal die Skool hanteer in terme van die voorsiening van die SASW en verwante wetgewing en regulasies, en die Skool sal altyd spesialisadvies inwin, byvoorbeeld vermoedelike onwettige dwelms en voorwerpe / voorwerpe wat as wapens gebruik kan word.

e. Die Skool is daartoe verbind om in samewerking met die polisie en ander spesialiswetstoepassing en ander regeringsinstansies saam te werk om sulke aangeleenthede te dek. Die Skool sal nie huiwer om toegang tot spesialis-ondersteuning en advies te verkry as daar 'n voorval is wat sodanige ingryping regverdig nie.

f. Items wat oorweeg kan word vir beslaglegging, sluit onder meer die items wat hier gelys is in:

- enige voorwerp wat 'n bedreiging vir ander inhou: byvoorbeeld 'n laserpen wat gebruik word om ander leerders of personeel se aandag af te lei;
- enige item / voorwerp / stof wat 'n bedreiging vir die goeie orde vir leer en onderrig in die Skool is;
- enige item wat strydig met die skoolklere / kleredrag en voorkomsreëls is;



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- enige item wat 'n gesondheids- of veiligheidsbedreiging inhou vir enige persoon;
- enige item wat strydig is met die Skool se etos, gedragskode en reëls en/of wat onwettig is vir enige leerder om ingevolge wetgewing en/of die gemenereg in sy/haar besit te wees.

1.24. **Monitering van leerders en ander persone deur middel van GKTV**

a. Die Skool mag die hele skoolterrein en alle geboue en lokale (binneruimte van kleedkamers uitgesluit) heeltyd (24/7) moniteer deur middel van GKTV.

b. Die kameras word hoofsaaklik aangebring om enige vorm van ongewenste of ongedissiplineerde gedrag so ver moontlik te bekamp of te verhoed, en sodoende die lewensgehalte van alle persone op die terrein van die Skool te optimaliseer, aangesien geen vorm van bedreiging van 'n persoon, persone of eiendom op die terrein onder enige omstandighede toegelaat sal word nie.

c. Die Skool is daarop geregtig om alle leerderaktiwiteite by die Skool, op enige plek op die skoolterrein, enige fasiliteit, voertuig of perseel en/of fasiliteite van kliënte van die Skool te moniteer, daarom mag daar nie met veiligheidskameras/GKTV installasies gepeuter word nie of die lyn van sig gewysig word sonder die Skoolhoof se toestemming nie.

d. Monitering mag uitgevoer word deur persoonlike waarneming, toesighoudingstoerusting, GKTV toesig.

e. Alle monitering ingevolge die gedragskode en verwante beleide is noodsaaklik en noodsaaklik vir die bedryfsvereistes van die Skool en om die Skool se eiendom te beskerm teen onregmatige optredes/ aktiwiteite, verliese, diefstal en enige ander vorm van skade.

f. Enige beeldmateriaal, klankopname, inligting of getuienis of dokumente wat deur die Skool verkry of verkry is deur toesig oor aktiwiteite, kan gebruik word as getuienis teen enige leerder in enige verrigtinge, hetsy intern in die Skool of in enige tribunaal, forum of hof, maar dit sal vertroulik bly en mag nie aan 'n buiteparty en of selfs aan enige ouer/leerder vrygestel word sonder 'n hofbevel of 'n polisie-lasbrief nie.

1.25. **Ontwrigting van klasse / skoolaktiwiteite en die opvoedkundige proses deur enige leerder**

a. Die basiese reël is dat geen leerder die skoollewe op enige manier mag ontwrig nie (geweld, geweld van enige aard, geraas, geluide maak, onbuigsaamheid, onbeleefdheid, om ongeskik te wees, te skree, op 'n tafel te slaan, dwang, bedreiging, intimidasie, vrees, passiewe weerstand, ens.) en/of opsetlik die ontwrigting of belemmering van enige funksie van die Skool te veroorsaak, en hy/sy mag ook nie aan sodanige optrede deelneem indien dit redelikerwys beskou kan word dat sodanige optrede ontwrigting of belemmering van die opvoedkundige proses in die Skool kan wees.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

b. Vir die doeleindes van die gedragskode is 'n ontwrigtende leerder 'n leerder wat die opvoedingsproses wesenlik ontwrig of die gesag van enige opvoeder oor die klaskamer wesenlik belemmer of uitdaag. 'n Wesenlike ontwrigting van die opvoedingsproses of wesenlike inmenging met die gesag van 'n opvoeder vind plaas wanneer 'n leerder 'n aanhoudende onwilligheid toon om aan die opvoeder se voorskrifte te voldoen of herhaaldelik die opvoeder se gedragsreëls oortree. Gedrag word ook as wanordelik/ ontwrigtend beskou as 'n opvoeder verhoed word om 'n aktiwiteit of les te begin of die les moet staak om die ontwrigting aan te spreek.

c. 'n Leerder mag nie en sal nie aktief of passief 'n ander leerder of groep leerders aanmoedig, onderskraag en/of andersins aanmoedig om die reëls wat in hierdie gedragskode vervat is, te oortree nie.

d. Hy/sy sal ook nie ander leerders/ persone/ personeellede aanmoedig om aan sodanige optrede deel te neem met die doel om sodanige ontwrigting of belemmering te veroorsaak nie.

e. Geen leerder mag voortdurend geluide maak of sing, dreig, dreunsing, uitdrukkings maak in enige taal of op enige ander manier optree om die opvoeder se vermoë te beïnvloed en/of sy/haar vermoë om die klas in 'n wettige wyse te onderrig nie.

f. Geen leerder mag die wettige missiestelling, visiestelling, proses of funksie van die Skool op enige manier ontwrig of poog om dit te ontwrig deur geweld, intimidasie, afpersing, geraas, dwang, bedreiging, teistering, vrees, passiewe weerstand, tegnologie, selfone, slimfone, digitale toestelle, internet of enige ander gedrag, of betrokke raak by enige sodanige optrede wat die ontwrigting of belemmering van sodanige proses of funksie ontwrig of enige skoolwerknemer belemmer om sy of haar pligte uit te voer nie.

g. Geen leerder mag die menswaardigheid van 'n ander persoon aantas nie, wat insluit die maak van vals of onbevooroordeelde verklarings of voorstellings oor 'n individu of 'n identifiseerbare groep individue wat die reputasie van die persoon of die identifiseerbare groep benadeel deur dit te ontwrig.

h. Geen leerder mag probeer om dreigende geweld teen 'n ander persoon aan te spoor of aan te hits as gevolg van sy of haar ras, godsdiens, geslag, gestremdheid en/of seksuele oriëntasie op enige manier en/of op enige sosiale media platform nie.

i. Geen leerder mag diskrimineer en/of betrokke raak by enige vorm van dreigende gedrag of dit nou op 'n ander persoon gerig is of nie, wat 'n redelike persoon sou meen dat dit skade kan veroorsaak vir leerders, skoolpersoneel of skooleiendom nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

j. Geen leerder mag die sameroeping of voortgesette funksionering van die Skool, klas of enige skoolaktiwiteit of van enige wettige vergadering of vergadering van die Skool verhoed of probeer om dit deur enige fisieke handeling te voorkom nie.

k. Geen leerder mag deelneem aan enige gedrag wat plaasvind buite die normale Skooldag of buite die skooleiendom wat 'n direkte en onmiddellike negatiewe uitwerking op die dissipline of opvoedingsproses of die effektiwiteit van die Skool het nie of 'n impak het op die prestasie of dissipline van enige skoolleerder. Sulke gedrag sal daartoe lei dat dissiplinêre stappe teen sodanige leerder geneem word.

l. Die Skoolhoof of die beheerliggaam kan sulke aangeleenthede na ’n wetstoepassingsagentskap verwys vir ondersoek en vervolging, en mag in sekere gevalle kriminele klagtes en/of aanklagtes aanhangig maak as die leerder se optrede krimineel van aard is.

m. Geen leerder mag opsetlik en/of met voorbedagte rade, veroorsaak of optree op so 'n manier dat dit 'n vals brandalarm, vals noodgeval of 'n brandalarm en/of bombedreiging veroorsaak nie.

n. Geen leerder of groep leerders mag in ‘n sameswering betrokke wees om ander leerders of persone aan te moedig, aan te hits, in te lig of aan te raai om enige van die voorafgaande paragrawe van hierdie reëls of enige ander reël van hierdie gedragskode te oortree met behulp van enige medium en enige manier van kommunikasie op enige wyse nie.

o. Geen leerder mag betrokke raak en/of deelneem aan of probeer om 'n staking/ arbeidskwessie van enige werknemer of groep werknemers van die Skool te beïnvloed of te ondsersteun nie.

p. Dit is verbode vir enige leerder om by politieke aktiwiteite tydens skooltyd betrokke te wees. Partypolitieke aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- veldtogvoering;
- die hou van byeenkomste;
- die verspreiding van pamflette en strooibiljette;
- die hang of opsit van plakkate en baniere;
- die dra van enige politieke beweging of politieke party se kentekens van enige aard.

1.26. **Gedrag in klaskamers, saal en skoolaktiwiteite**

a. Leerders is verantwoordelik vir die volgende in die klaskamer, saal en op die Skoolterrein.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Hulle lessenaars, klaskamers, kleedkamers en die Skoolgronde skoon en ordelik te hou en te laat.

- Die leerderleiers wat verkies is vir die posisies, te respekteer en hulle opdragte te gehoorsaam.

- Leerderleiers mag nie hulle posisies misbruik om mede-leerders te domineer, boelie of te teister en intimideer nie.

- Nie die klaskamer of enige skoolaktiwiteit te verlaat sonder die toestemming van die opvoeder nie en die toestemmingsbord (stoepstapper) van die opvoeder moet in sy/haar besit wees.

- Die korrekte skooldrag aan te hê.

- Die asblikke en ander vullishouers te gebruik en rommelstrooiing te voorkom.

- Skoolboeke, handboeke, hulle skooluniform en ander eiendom van hom-/haarself en die Skool op te pas en nie te verniel of op enige wyse te beskadig en/of te vandaliseer nie.

- Betyds voor die aanvang daarvan, by die Skool, ‘n skoolaktiwiteit of klas op te daag.

- Te verseker dat persoonlike eiendom, boeke, kleredrag gemerk is op ‘n permanente manier om uitkenning daarvan te verseker.

- Om nie persoonlike briefies, notas of enige aantekeninge te skryf of uit te ruil tydens ‘n les nie.

- Nie antwoorde of op- of aanmerkings tydens amptelike lesse uit te skree nie. Nadat ‘n leerder sy/haar hand opgesteek en toestemming ontvang het, mag vrae gevra of beantwoord word.

- Nie tydens ‘n les rond te loop of voorwerpe aan te gee, rondgooi of spoeg nie.

- Aan die einde van ‘n les alle papiere en rommel op te tel en in die snippermandjie te gooi. Stoele moet netjies ingestoot word en leerders verdaag op ‘n ordelike wyse.

- Basiese hoflikheid soos om te groet, asook "asseblief" en "dankie" te alle tye aan die dag te lê .

- Nie in die klaskamer sonder toestemming te eet of drink nie.

- Nie gevaarlike speletjies en optrede waar mense beseer kan word of eiendom beskadig kan word, te speel of mee te maak nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Op banke, mure of hulle skoolhandboeke te skryf of krap of enige vorm van graffiti aanbring nie. Dit is ‘n vorm van vandalisme en sal dienooreenkomstig hanteer word.

- Gereeld die kennisgewingbord na te gaan vir belangrike aankondigings.

- Net balspele, albasters en dergelike spele op die terrein waar dit veilig is te speel indien toegelaat op die terrein deur die Skoolhoof, en nie naby vensters of motors nie.

- Te verseker dat waar gelde oorbetaal moet word aan opvoeders/die finansiële kantoor dat dit sou gou as moontlik na die aanvang van die skooldag gedoen word.

- Die laboratoriums en rekenaarsentrums op ‘n verantwoordelike wyse te betree en te gebruik, deurdat leerders enige materiaal of boeke van die sentrums nie sal vernietig nie. Indien boeke of enige materiaal verlore sou raak en/of beskadig, word dit dadelik by die onderwyser aangemeld en die skade te vergoed of sodanige boeke/ materiaal te vervang of met soortgelyke boeke/materiaal te vervang, indien goedgekeur deur die skoolhoof.

- Nie medikasie te gebruik of te neem sonder toesig nie, behalwe in die geval van chroniese medisyne, asma, allergieë en suikersiekte en dan moet ouers die Skool inlig ten opsigte van sulke toestande.

- Nie handel te dryf, te dobbel, pamflette uit te deel of fondsinsamelingsaktiwiteite te onderneem sonder die toestemming van die Skoolhoof nie.

- Sodra leerders arriveer moet hulle sonder versuim die skoolterrein betree.

- Leerders word slegs toegelaat in voorgeskrewe areas tydens skoolure.

- Niemand mag by die heinings en hekke met buitestaanders gesels of op enige ander wyse hetsy elektronies of skriftelik kommunikeer nie, en ook nie buite die perseel sonder toestemming wag nie.

- Indien toestemming verleen is dat leerders tydens skoolure afgehaal sal word sal die leerder in sy/haar klas bly todat die ouer die kind by ontvangs kom haal en hulle saam die skoolterrein verlaat. Geen leerder mag buite gewone skoolure op die terrein ronddrentel nie.

- Daar mag nie met voorwerpe wat skade kan berokken, gespeel word nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Geen leerder sal oor die skoolheining klim nie, en moet die amptelike ingange/uitgange gebruik.

- Geen leerder mag die skoolterrein gedurende skooltyd verlaat sonder die skoolhoof of sy gemagtigde(s) se toestemming nie.

- Leerders mag nie op die witborde en "*non-reflective*" borde in die lokale skryf sonder die toestemming van 'n opvoeder nie.

- Leerders mag nie met die brandblussers of enige brandtoerusting peuter of daarmee speel nie.

- Leerders mag nie tydens kontaktyd (skoolure) digitale toestelle/selfone/elektroniese/ slimhorlosies / "trackers"/ ander toestel(le) aktiveer, oorfone gebruik of enige boodskappe stuur met enige "app", sms of ontvang en lees of enige foto en/of video-opname en/of klankopname maak nie of oproepe maak en/of ontvang nie, tensy met die uitdruklike toestemming van die klasonderwyser.

1.27. **Gange, stoepe en trappe**

a. Leerders mag stilweg gesels, maar ontwrigtende gedrag, sowel as skree en fluit en ander geluide maak is ontoelaatbaar.

b. Leerders mag nie tydens pouses, voor en na Skool die stoepe of trappe blokkeer nie en moet vinnig en rustig uit die skoolgeboue beweeg.

c. Leerders hou links. Leerders wat voor 'n klas wag moet TEEN die muur wag.

d. Balspele en die gooi van voorwerpe in die gange of trappe is verbode.

e. Leerders mag nie hardloop op die stoepe, trappe en gange nie.

f. Leerders mag nie digitale toestelle/selfone/elektroniese/slimhorlosies/ "trackers"/ ander toestel(le) aktiveer, met oorfone gebruik of enige boodskappe stuur met enige "app", sms of ontvang en lees of enige foto en/of video opname en/of klank opname maak nie of oproepe maak en/of ontvang nie.

g. Leerders mag nie op die stoep eet tydens klaswisseling nie. Oop koeldranke, water en ander vloeistowwe in houers mag ook nie van klas tot klas gedra word nie.

1.28. **Kleedkamers**

a. Kleedkamers moet te alle tye skoon en netjies gehou word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

b. Leerders mag nie in die kleedkamers en toilette rook, vape, onwettige middels inneem of daarmee handel dryf, aan ander beskikbaar stel, speel, leeglê, stokkiesdraai, wegkruip, eet, koeldrank drink, saamdrom, lees, huiswerk of ander Skoolwerk doen, afskryfwerk of enige ander wandade pleeg nie.

c. Krane sal toegemaak word as leerders klaar hulle hande gewas het of water gedrink het.

d. Toiletpapier mag net gebruik word vir waarvoor dit bestem is.

e. Elke leerder het die reg op privaatheid wanneer hy/sy die kleedkamer besoek en mag gebruik maak van die toilethokkies indien hy/sy dit verkies.

f. Slegs een leerder op ‘n slag word in ‘n toilethokkie toegelaat.

g. Leerders mag slegs die kleedkamers betree wat vir hulle aangedui is. So sal senior leerders gebruik maak van die fasiliteite aan hulle toegeken en die junior leerders van die fasiliteite aan hulle toegeken so ook die geslagte aan wie toilette toegeken is. Geen seun in dogterstoilette en omgekeerd. Opvoeders en ander personeel wat spesifiek deur die Skoolhoof en/of sy gemagtigde(s) aangewys is sal die reg hê om ter enige tyd die kleedkamers van leerders te betree om inspeksie te doen.

h. Gedurende amptelike klastyd (pouses uitgesluit) mag leerders slegs, nadat hulle toestemming verkry het van die opvoeder in bevel van die klas of ‘n ander skoolaktiwiteit die kleedkamer besoek waarna hulle so gou as moontlik sal terugkeer na die klaskamer of aktiwiteit. Daar mag nie meer as een leerder op ’n slag toegelaat word om ’n klas te verlaat nie en moet dan die nodige toestemmingsbrief in die dagboek asook stoepstapper hê.

i. Alle oortredings wat in die gedragskode asook Deel 1 en 2 van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysig, aangeteken is, is van toepassing in die kleedkamers.

j. Geen digitale toestelle/ selfone/elektroniese/slimhorlosies/”trackers”/ ander toestel(le) mag in die kleedkamers aangeskakel en gebruik word vir enige doeleindes nie.

k. Daar word van leerders verwag om alle oortredings en ongeoorloofde optredes wat in die kleedkamers plaasvind of enige gebreke, onveilige en onhigiëniese toestande of vuil toestande aan te meld by enige opvoeder of die kantoor. Sodanige leerder se identiteit sal te alle tye beskerm word.

l. Toiletpaper moet aangevul word en indien dit ontbreek, deur dit by die kantoor aan te meld.

m. Die Skool mag die ingange tot die kleedkamers deur middel van GKTV moniteer.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

n. Geen ongewenste voorwerpe word in die toilette, wasbakke of urinale weggegooi nie.

o. Handdoeke en seep word gelaat waar dit gekry is op die reëlings en by die wasbakke.

p. Tasse, klere van enige aard en sakke mag nie tydens oefeninge in die kleedkamers gelaat word nie.

1.29. **Speelgrond/Skoolterrein**

a. Leerders sal net speel en beweeg in die gebiede wat daarvoor aangewys is.

b. Geen leerder sal naby of tussen geparkeerde voertuie speel of daar byeenkom nie.

c. Geen klippe, stokke of ander voorwerpe mag gegooi word nie. Balspele is beperk tot die sportveld indien toestemming daarvoor deur die Skool.

d. Skoolhoof verleen is.

e. Niemand mag oor die heinings en/of die hekke om die Skool of die heinings voor die paviljoen en dakke van die parkeergebiede en ander afdakke klim of daarop sit, loop, staan of swaai nie.

f. Springtoue sal nie gegooi word nie. Ander leerders sal ook nie met springtoue geslaan of daarmee vasgebind word nie. Dit mag ook nie om leerders se nekke gedraai word nie.

g. Speletjies waar leerders laaggeloop word of onderstebo gestamp word of met die skouer of ander liggaamsdeel bygedam word en/of gepootjie word is ontoelaatbaar.

h. Die bome en plante mag nie gebreek, uitgetrek of versteur word nie. Blomme mag slegs met die toestemming van ‘n opvoeder gepluk word.

i. Beproeiingstelsels en -koppe mag nie uitgetrek word of beskadig word of aangeraak word nie.

j. Balle mag nie teen die gebou geslaan, geskop of gegooi word nie.

k. Niemand behalwe die gemagtigde persone mag enige elektriese installasies of sluitkaste of skakelaars wat op die skoolterrein voorkom, aan- en afsit nie.

l. Die Skoolterrein en speelgrond is daar vir al die leerders se plesier en ‘n gees van verdraagsaamheid en samewerking word van alle leerders verwag.

m. Na afloop van die amptelike skooldag sal leerders slegs die skoolgrond betree indien hulle aan amptelike buite-kurrikulêre aktiwiteite deelneem of toeskouers is by amptelike wedstryde of detensieklasse of ander amptelike Skoolaktiwiteite onder volwasse toesig moet/mag bywoon. Na afloop van die



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

aktiwiteit of wedstryd sal alle leerders die skoolterrein verlaat. Leerders wie se ouers hulle eers later kan kom haal of vir wie vervoer eers later opdaag sal by die snoepie of blou bankies of op die grasperk voor die Skool wag na afloop van hulle oefeninge en aktiwiteite en sal nie op die skoolgrond ronddrentel nie.

n. Geen leerder word na-ure op die skoolterrein sonder volwasse toesig toegelaat nie.

1.30. **Elektriese Installasies / Laboratoriumtoerusting / Klanktoerusting**

a. Leerders mag nie met muurproppe, skakelborde of enige ander elektriese of GKT-installasies peuter nie. Hulle mag nie elektriese kassies op die skoolterrein oopmaak en die skakelaars of elektriese aansluitings gebruik of daarmee peuter nie

b. 'n Leerder mag nie peuter aan ligskakelaars, enige ander elektriese toerusting of waaiers, of die gaskrane en ander laboratoriumtoerusting of enige ander toerusting/chemikalieë wat in die laboratoriums gebruik word nie. As hierdie reël oortree word, sal die Skool nie verantwoordelik gehou word vir skade of beserings nie.

c. Leerders mag nie selfone/digitale toestelle laai by 'n elektriese aansluiting sonder die toestemming van 'n opvoeder in beheer van 'n klas/lokaal nie.

d. Leerders mag nie aan enige klanktoerusting raak of dit verstel nie.

e. Leerders mag nie aan enige elektriese sekuriteitsheinings raak of naby dit speel of vertoef nie.

1.31. **Leerders wat tydens skoolure siek word**

a. Die prosedure vir leerders wat tydens skoolure siek/beseer word, is soos volg:

- Die leerder moet met toestemming van die opvoeder waar hy/sy tans is, by sy/haar graadvoog aanmeld en haar inlig dat hy/sy siek is.
- Die graadvoog sal die leerder se ouer/voog skakel om te hoor of die ouer/voog toestemming gee dat die leerder uitgeteken mag word en huis toe mag gaan.
- Met toestemming van die ouer/voog sal die graadvoog ‘n uittekenvorm aan die leerder oorhandig. Die leerder moet hierdie uittekenvorm na al sy/haar vakonderwysers neem sodat hulle kan teken en sodoende toestemming gee dat die leerder van sy/haar klas vir die dag verskoon kan word. Onderwysers moet op die uittekenvorm aandui indien die leerder ‘n assessering of belangrike klaswerk daardie dag mis. Die graadvoog sal hierdie inligting aan die ouer/voog kommunikeer sodat die wenslikheid van die verdaging van die leerder in heroënskou geneem kan word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Indien al die vakonderwysers geteken het, moet die leerder die uittekenbrief na die skoolsekretaresse by ontvangs neem en in die voorportaal vir sy/haar ouer/voog wag om hom/haar te kom afhaal. Die skoolsekretaresse sal vir die leerder ‘n toestemmingstrokie gee om die Skool te verlaat, wat die leerder by die hek vir die hekwag moet oorhandig. Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder sodanige toestemmingstrokie nie.

b. Ouers moet daarop let die die Skool geen mediese diens lewer nie en slegs noodhulp aan ‘n beseerde leerder sal lewer en die nodige mediese ondersteuning sal ontbied.

c. **Geen leerder mag self hulle ouer(s) skakel om hulle te kom haal vir enige siekte oestand nie.** ‘n Ouer mag ’n siek/beseerde leerder slegs kom haal nadat die graadvoog of Skoolsekretaresse hulle geskakel het.

1.32. **Brandtoerusting**

Brandtoerusting is buite perke en dit word as 'n ernstige oortreding beskou as daarmee sonder ‘n wettige rede gepeuter word.

1.33. **Satanisme, heksery en “toordery”**

a. Die praktyke word streng op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein verbied.

b. Die verkondiging, besit of verspreiding van enige artikels, literatuur oor die onderwerp, asook afpersing, intimidasie, viktimisasie, aanranding of dreigemente van aanranding en enige werwing van ander leerders en of enige ander persoon, sal onder geen omstandighede geduld word nie en is ‘n oortreding van die Skool se gedragskode.

1.34. **Beoefening van tradisionele medisyne en verwante aktiwiteite**

Die beoefening/verskaffing/bevordering van bogenoemde deur enige leerder ter eniger tyd op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein, sonder die toestemming van die beheerliggaam, word nie toegelaat nie. Dit sluit in die verskaffing van enige stof aan enige leerder om in te asem, te eet, te verbruik, in te neem, te snuif of gebruik op enige ander manier in of op hul liggame aan te wend.

1.35. **Fietse**

a. Leerders wat met fietse Skool toe kom sal alle verkeerstekens en -wette en die skolierpatrollie gehoorsaam en sal vir hulle eie veiligheid valhelms dra.

b. Fietse sal nie op die skoolterrein gery word nie. Leerder(s) sal sodra hulle die skoolterrein betree van die fiets afklim en dit na die fietsloods stoot waar dit vir die duur van die skooldag geberg sal word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

c. Sodra fietse geparkeer en gesluit is in die beskikbare fietsrame, moet dié gebied dadelik verlaat word.

d. Geen fietse mag op die sportvelde of onmiddellike omgewing gery word nie.

e. Slotte moet te alle tye gesluit wees.

f. Alle leerders wat na die Skool per fiets kom sal veiligheidshelms dra soos deur die verkeersregulasies voorgeskryf is.

g. Geen leerder mag die fietsloods betree en met ander se fietse peuter, dit beskadig of sonder toestemming van enige eienaar van ’n fiets enige fiets of toerusting gebruik nie.

1.36. **Skaatsplanke, rolskaatse en wheelieskoene**

Skaatsplanke, rolskaatse en wheelieskoene is verbode op die skoolterrein sonder die hoof se toestemming.

1.37. **Skooluitstappies en skooltoere**

a. ‘n Toestemmingsvorm moet deur die ouer/voog voltooi word voordat leerders op ‘n uitstappie gaan.

b. ʼn Leerder(s) wat tydens die graad 8-kamp of graad 10-veldskool ʼn vape-verwante oortreding begaan, se ouers sal gekontak word om hul kind onmiddellik by die kamp te gaan haal. Die dissiplinêre prosedure sal verder by die skool gevolg word.

c. Leerders wat gekies is om ʼn sporttoer mee te maak en binne drie dae voor die toer by die skool ʼn vape-verwante oortreding begaan, sal die toer verbeur in gevolge die dissiplinêre proses wat gevolg moet word. Die toergelde wat betaal is, word ook verbeur en sal aangewend word vir die plaasvervanger tensy die plaasvervanger die koste sal oorneem.

d. In die geval van ʼn leerder(s) wat tydens ʼn toer ʼn vape-verwante oortreding begaan, sal die afrigters in samewerking met die skoolbestuur hul diskresie gebruik met die huis toe stuur van die betrokke leerder(s). Die dissiplinêre proses sal by die skool gevolg word.

e. Die Skool se gedragskode is van toepassing tydens alle uitstappies/ toere/ Skoolfunksies/ Skoolaktiwiteite en ander veiligheidsreëlings soos bepaal deur die opvoeder in bevel en/of die volwasse persoon wat ’n betrokke aktiwiteit aanbied.

f. Die Skool se Toerbeleid (Binnelandse en Buitelandse toere) het verwysing.

1.38 **Sluitkassies**

a. Sluitkassies word aan leerders voorsien teen ’n minimale huur vir die stoor van persoonlike eiendom, klerasie en boeke.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

b. Die sluitkassies is en bly skooleiendom en mag van tyd tot tyd deur die skoolhoof of sy gemagtigde(s) sonder vooraf kennisgewing en sonder die toestemming van enige ouer/voog geïnspekteer/deursoek word tot voordeel van die Skool. Leerders mag nie weier om sluitkasssies vir die gemagtigde opvoeders oop te sluit vir inspeksie nie.

c. Tydens sodanige inspeksie sal die leerders se privaatheid gerespekteer word ten opsigte van enige items wat daar geberg mag wees wat nie strydig is met die Skool se gedragskode of enige ander beleid van die Skool nie en mag dit nie verwyder word nie. ‘n Leerder sal die kassie leeg pak in opdrag van ’n gemagtigde persoon.

d. Indien daar tydens sodanige inspeksie/ deursoeking enige verbode/ gevaarlike item opgemerk word soos omskryf in die gedragskode of enige ander beleid van die Skool, mag die skoolhoof of sy gemagtigde(s) die gevaarlike en/of verbode voedsel produk/ voorwerp/ item/ tekening/ publikasie/ toerusting/ vloeistof/ gesteelde eiendom/ dwelmmiddel/ vlambare item/ elektroniese toestel verwyder en as getuienis in bewaring neem totdat ’n behoorlike ondersoek gedoen is waarom en hoe die betrokke item/ voorwerp in die sluitkassie geplaas is.

e. Die Skoolhoof of sy gemagtigde(s) is onder geen verpligting nie, maar mag die hulp van enige lid van die SAPS inroep tydens sodanige inspeksie/ deursoeking.

f. Sluitkassies mag deur GTKV gemoniteer word deur die Skool.

g. Enige gebreke aan enige sluitkassie moet by die administratiewe kantoor aangemeld word. Leerders word nie toegelaat om sonder toestemming sluitkassies te ruil nie.

h. Elke leerder sal verantwoordelik gehou word vir enige gebreke aan sluitkassies.

i. Die Skool se Sluitkassiebeleid het verwysing.

1.39 **Buite-kurrikulêre aktiwiteite**

a. Leerders wat aangedui het dat hulle aan 'n betrokke item gaan deelneem, moet getrou oefeninge bywoon. Verskonings van oefeninge geskied per brief of per kommunikasie (WhatsApp, ens.) soos vereis deur die betrokke afrigter.

b. Swak taalgebruik, opmerkings en vuilspel is ontoelaatbaar.

c. Skeidsregters moet met respek behandel word.

d. Skeidsregters se beslissings word nie in twyfel getrek nie.

e. Spelers moet geklee wees soos bepaal deur die Sportbeleid.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

f. Met wegwedstryde word leerders vervoer soos gereël deur die sportorganiseerder. Leerders mag nie alternatiewe reëlings tref sonder die toestemming van die sportorganiseerder nie.

g. ‘n Skoolsweetpak word oor sportdrag gedra indien nodig.

h. Die Skool se Sport- en Buitemuurse aktiwiteite beleid.

1.40 **Rekenaarsentrums**

a. Geen leerder mag sonder die toesig van 'n opvoeder in die sentrums werk nie.

b. Die klasbeleid aangaande die gebruik van rekenaars moet eerbiedig word om ontsegging van die gebruik te voorkom.

c. Die Skool se Inligtingstelsels en Sosiale media beleid het verwysing.

1.41 **Verbode gebiede/beperkte toegang**

Die volgende lokale en plekke is verbode terrein tensy leerders wettige redes het om daar te wees:

a. Skoolgange, die saal en klaskamers is verbode gebiede gedurende pouses, voor skool en na skool tensy onder die toesig van ’n opvoeder of ander verantwoordelike volwasse persoon.

b. Die skoolkantoor.

c. Die personeelkamer is uitsluitlik vir volwassenes. Geen leerder word hier toegelaat sonder toestemming nie**.**

d. Geen leerder sal onregmatig in besit wees van enige sleutel en/of slotkombinasie/ alarmkode wat toegang bied tot enige skooleiendom/ perseel, vervoermiddel en/of fasiliteit nie. Hulle mag ook nie sodanige sleutels laat dupliseer of die kodes aan ander leerders of enige ander persoon bekend maak nie.

1.42 **Eiendom en skooltoerusting**

a. Opvoeders se lessenaars en ander eiendom is privaat en niks mag verwyder, gebruik of aangeraak word, sonder hulle toestemming nie.

b. Leerders moet die motorvoertuie van opvoeders en ander lede van die publiek wat op die terrein geparkeer is uitlos, en nie daarteen leun, daaragter speel, tussen voertuie deurbeweeg nie of dit beskadig nie.

c. Geen toerusting, opvoedingsmateriaal ensovoorts mag uit klaskamers of ander lokale sonder die toestemming van ‘n opvoeder of ‘n personeellid verwyder of gebruik word nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

d. Geen leerder mag sonder die toestemming van ‘n ander medeleerder in sy/haar tas, sak, kledingstukke, sluitkassie of ander houer kyk, die inhoud daarvan uithaal, eet, drink, steel, gebruik, dra, beskadig, wegneem, leen, verkoop, verruil, wegsteek, vernietig of verduister nie.

e. Geen leerder mag sonder die toestemming van ‘n ander medeleerder sy/haar eiendom eet, drink, gebruik, beskadig, wegneem, leen, verkoop, verruil, wegsteek, vernietig of verduister nie.

f. Kledingstukke, skoene en/of ander eiendom van leerders wat op die terrein gevind word moet by die kantoor vir veilige bewaring ingehandig word.

g. Alle kledingstukke, tasse en sakke moet met leerders se name gemerk wees.

h. Die Skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige eiendom van watter aard ookal van ’n leerder nie.

i. Die Skool se inligtingstelsels en sosiale media beleid is aangeheg as Aanhangsel “7”.

## 1.43 Webblaaie/sosiale elektroniese platforms

a. Alle leerders, net soos enige ander persoon, is verbonde aan die wet op die gebruik van openbare elektroniese sosiale platforms en -forums.

b. Leerders mag nie enige persoon, aktiwiteit of die Skool op ’n openbare sosiale platform of enige persoon verbind aan die Skool, inkrimineer nie. Hierdie openbare sosiale platforms sluit in alle sosiale netwerke soos Facebook, Twitter, Instagram, WeChat, Snapchat, WhatsApp, SMS’e e-pos, YouTube en enige ander soortgelyke webblaaie en elektroniese kommunikasie-platforms.

c. Leerders kan vervolg word as hulle enige negatiewe, afbrekende of inkriminerende aantygings, visuele beelde, klankopnames, boodskappe en/of sekstekste en -beelde op hierdie netwerke plaas en/of versprei na enige persone deur middel van enige elektroniese digitale toestelle/ selfoon en/of ander elektroniese toestel.

d. Leerders mag geen persoon opneem in enige digitale formaat op die Skoolterrein en/of in die klaskamer en/of enige Skoolaktiwiteit en/of dit op enige sosiale platform plaas nie.

e. Die Skool se Inligtingstelsels en Sosiale media beleid het verwysing.

## 1.44 Algemene ordereëlings van die Skool

a. Aanvangs- en sluitingstye

- Die Skool begin Maandae tot Vrydae om 07:25



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Die Skool sluit Maandae tot Donderdae om 14:00.
- Die Skool sluit op Vrydae om 13:35.
- Die Skool bied ŉ gratis Wiskundesentrum vir die leerders aan op Maandae vanaf 14:00 tot 15:00.
- Die Skool het elke Woensdag ŉ akademiese uur vir alle leerders vanaf 14:00 tot 15:00.

b. Daaglikse verloop - Om te verseker dat leerders ordelik die gebou ingaan en na hulle klasse of ander lokale beweeg, geld die volgende reëlings:

c. In die oggend - Wanneer die klok lui, tree leerders voor hul voogklaskamers aan.

d. Pouses:

- Pouse word gebruik om toilet toe te gaan, hande te was, toebroodjies te eet en te ontspan.
- Leerders mag nie gedurende pouses in die klaskamers wees of op die stoepe wees nie.
- Leerders word nie tussen die motors toegelaat nie.
- Leerders speel op die onderskeie terreine wat vir hulle aangedui word.

e. Na pouses:

Leerders gaan tree direk by hulle klasse aan waar hulle moet wees soos op die rooster aangedui.

f. Saalbesoeke:

- Leerders beweeg vinnig en stil na en in die saal.
- Leerders mag nie in die saal praat of eet terwyl aktiwiteite plaasvind nie.
- Leerders mag nie op hul selfone in die saal wees nie.
- Geen leerder mag sonder 'n opvoeder of afrigter in die saal wees nie.

g. Klaswisseling (Klaswisseling geskied stil, vinnig en ordelik):

- As die klok lui aan die einde van ‘n periode, tree leerders ordelik in opdrag van die opvoeder aan by hulle banke. Die klas beweeg uit op die instruksie van die opvoeder.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Met die op- of afstap van die stoepe word altyd links, teen die muur of trapreëlings gehou. Geen hardlopery en spelery word op die stoepe en trappe toegelaat nie. Leerders beweeg in ordelike rye na die volgende klas.

- Leerders tree stil voor elke volgende klas aan.

- Leerders moet so gou moontlik die gange en stoepe ontruim voor skool, gedurende pouse en na skool.

h. Dagafsluiting

- Drie tot vyf minute voor die amptelike afsluitingstyd van die Skool, word die nodige afkondigings per interkom gemaak en word daar afgesluit.

i. Afwesighede

- Indien ʼn leerder vir een of meer dae afwesig is, moet ‘n WhatsApp of e-pos deur die ouer/voog aan die betrokke graadvoog geskryf word, waarin die rede vir afwesigheid gemeld word. Indien nie, sal die graadvoog die ouer/voog kontak.
- Indien ʼn leerder vir drie (3) of meer agtereenvolgende dae afwesig is, moet ʼn geldige sertifikaat (doktersbrief/hofbevel/begrafnisbrief of enige ander toepaslike dokumentasie wat as geldig erken word) so gou moontlik by die graadvoog ingedien word, maar nie later nie as die eerse dag wat die leerder terug is by die skool.

- In die geval waar ʼn leerder tydens eksamens/toetse/PAT afwesig is sonder ʼn mediese sertifikaat sal die leerder ʼn nulpunt ontvang.

- Onnodige, herhaalde afwesigheid sonder ‘n geldige rede kan lei tot ‘n ondersoek deur die Skool.

- Indien ʼn leerder afwesig is tydens voogperiode sal die ouer per WhatsApp of e-pos in kennis gestel word.

- ‘n Geldige sertifikaat (doktersbrief/hofbevel/begrafnisbrief of enige ander toepaslike dokumentasie wat as geldig erken word) is verpligtend indien ʼn toets, eksamen, mondeling of PAT gemis word en moet so gou moontlik, maar nie later nie as die eerste dag wat die leerder terug is by die skool, ingehandig word by die graadvoog. Daarsonder sal ‘n nulpunt toegeken word.

- Die skoolhoof/ ʼn opvoeder behou die reg om navraag te doen na die rede vir afwesigheid, veral na ‘n afwesigheid van drie agtereenvolgende dae, indien die Skool nie in kennis gestel is van die rede van die afwesigheid nie.

- Indien ‘n leerder nie ‘n sportoefening of buitemuurse aktiwiteit kan bywoon nie, word daar van hom/haar verwag om homself/haarself vroegtydig by die betrokke aktiwiteitshoof te verskoon sodat ‘n plaasvervanger in sy/haar plek aangewys kan word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Daar word van leerders verwag om hulle sport-, kultuur- en ander buitemuurse verantwoordelikhede na te kom.
- Dit is die plig van elke leerder om enige agterstallige werk in te haal, wat hy/sy tydens afwesigheid gemis het.
- Afwesigheid van ‘n leerder die dag voor of op die dag van ‘n Skoolaktiwiteit, diskwalifiseer ‘n leerder tot deelname aan die wedstryd/funksie**.**
- Die Skool se Leerderaanwesigheidsbeleid het verwysing.

j. Akademiese Vordering

- Ouers sal gereeld versoek word om elke week sy/haar kind se boeke deur te blaai en te verseker dat werk afgehandel is. Die opvoeder sal in die boek aanteken as werk onvoltooid is, en ouers word versoek om daarop te reageer en by die opmerking van die opvoeder te teken.

- Huiswerk kan die volgende insluit - taakopdragte, voltooiing van uitstaande werk, hersiening, insluitende die opsomming van werkstukke en die memorisering daarvan vir doeleindes van assesserings en die instandhouding van werkboeke. Die maksimum inspanning word te alle tye van alle leerders verwag.

- Die volgende moet as onaanvaarbaar geag word.

  - Slordige, agtelosige werk.
  - Klaswerk of tuiswerk onvoltooid of nie gedoen nie.
  - Nie leer vir toetse nie.
  - Boeke/leermateriaal/praktiese materiaal nie in die klas is tydens kontaktyd nie.
  - Verloor boeke/ leermateriaal/ praktiese materiaal
  - Beskadig boeke/ leermateriaal/ praktiese materiaal
  - Laat-inhandiging van werk
  - Afskryf van ander leerders se werk
  - Gee nie aandag in die klas nie
  - Steur ander leerders in die klas
  - Minagting van en/of parmantigheid teenoor ‘n opvoeder.
  - Die gooi van ‘n “vloermoer”.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

## DEEL 3

### 1. VLAKKE VAN OORTREDINGS EN VOORGESTELDE SANKSIES

Sien die gedragskode vir Vlak 1 tot Vlak 4 oortredings met gepaardgaande debietpunte en/of sankies en/of voorgestelde topbestuurverhore en beheerliggaamverhore.

### 2. VOORGESTELDE SANKSIES

2.1 Berisping / ernstige vermaning

Vir die meeste oortredings is ʼn mondelinge en/of skriftelike waarskuwing, berisping of ernstige vermaning gewoonlik voldoende.

2.2 Detensie

a. Detensie word gewoonlik gebruik om korttermyn dissiplinêre probleme aan te spreek.

b. Die uitkoms daarvan is dat detensie die probleem wat ontstaan het sal oplos of gedeeltelik aanspreek.

c. Die gebruik van detensie is onvanpas waar daar volgehoue dissiplinêre of gedragsprobleme voorkom, of die leerder ʼn negatiewe houding oor ʼn lang tydperk teenoor die skool of sy/haar klaswerk openbaar. Insgelyks moet detensie nie dadelik in dissiplinêre optrede as sanksie aangewend word nie, maar slegs wanneer dit duidelik blyk dat ʼn leerder nie gehoor wil of sal gee op vorige remediërende optrede nie.

d. Leerders aan wie detensie opgelê word, sal op die tyd en plek aanmeld soos deur die skoolhoof of sy gemagtigde(s) voorgeskryf nadat ouers dienooreenkomstig ingelig is dat daar ʼn sanksie van detensie aan hulle kind(ers) opgelê is.

e. Detensie word normaalweg op ʼn Vrydag na skool toegepas en toesig word op ʼn roterende basis deur personeel gedoen. Leerders se name wat vir detensie verwys word, sal in ʼn sentrale detensieregister wat in die dissiplinehoof se kantoor gehou word, aangeteken word. Elke leerder wat vir detensie verwys word, sal van ʼn geskrewe brief aan sy/haar ouers/voogde voorsien word dat hy/sy vir detensie verwys is en wat die rede(s) daarvoor is.

f. Gedurende detensie sal leerders spelwoorde of maaltafels of die gedragskode uitskryf om hulself te vergewis van korrekte optrede versus wangedrag.

g. Die detensieklas sal so ingerig word asof ʼn klastoets of eksamen afgelê word. Leerders sal nie toegelaat word om naby of langs vriende te sit nie.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

h. Stilte sal vir die hele duur van die detensietydperk gehandhaaf word en die klem sal val op stille voltooiing van die werk wat aan die leerders gegee word.

i. Leerders se voorregte om aan sekere skoolaktiwiteite deel te neem, kan ook opgeskort word of verbeurd verklaar word deur die skoolhoof. Deurdat 'n leerder se deelname aan sekere skoolaktiwiteite beperk word, word beoog om die belangrikheid van opvoeding en die geleenthede wat aan die leerder gebied word, te beklemtoon.

j. Leerders wat aanhoudend gedragsprobleme openbaar of enige slagoffers is van die gevolge van ongeoorloofde gedrag, sal na die goeddunke en na oorlegpleging van die skoolhoof met ouers verwys word vir die nodige berading en ondersteuning.

k. Die Detensiebeleid het verwysing.

2.3 Skorsing

a. In die Skolewet van 1996 (Wet 84 van 1996) en die regulasies van die Gauteng Departement van Onderwys, word skorsing spesifiek omskryf en sal dit toegepas word, waar leerders ernstige oortredings begaan of kronies oortree.

b. Skorsing beteken dat 'n leerder uit die skool uitgesluit word vir 'n sekere tydperk soos uiteengesit in die Gedragskode en bekragtig deur die Beheerliggaam na oorlegpleging met die skoolhoof ingevolge artikel 9(1) van die Skolewet, nadat die leerder(s) 'n redelike geleentheid gegun is om 'n skriftelike betoog te lewer, in verband met sodanige intensie om skorsing toe te pas waarna dissiplinêre optrede mag volg binne vyf tot sewe skooldae na skorsing van die leerders(s). Indien dissiplinêre optrede nie binne die tydperk van 5 tot 7 skooldae plaasvind nie, moet die klagstaat teruggetrek word en van nuuts af uitgereik word.

c. Die beheerliggaam kan 'n leerder na skuldigbevinding van ernstige wangedrag deur die dissiplinêre komitee skors vir 'n tydperk van sewe dae.

d. Indien sodanige leerder die skool wil besoek gedurende die tydperk van skorsing, moet hulle eers die skriftelike toestemming van die skoolhoof verkry.

e. Leerders moet tydens skorsing die reg gegun word om skoolwerk aanlyn of in die kantoor af te haal en moet die geleentheid gegee word om na afloop van die skorsingstydperk amptelike assesserings, wat in hierdie tydperk plaasgevind het, af te lê.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

2.4 Uitsetting

a. Uitsetting beteken die permanente beëindiging van ʼn leerder se reg om die skool by te woon, met ander woorde, die leerder word permanent uit die skool verban.

b. Slegs die Departementshoof van die Gautengse Departement van Onderwys neem ʼn besluit om ʼn leerder permanent uit die skool te sit.

c. ʼn Aanbeveling vir uitsetting deur die Beheerliggaam kan slegs plaasvind nadat ʼn leerder, na ʼn regverdige verhoor aan ernstige wangedrag, skuldig bevind is.

d. Leerders wat permanent uit die skool gesit is, se naam moet geskrap word as ʼn ingeskrewe leerder van die skool en mag nie die skool besoek of die skooltrerrein betree of gedurende amptelike skoolure of tydens enige amptelike skoolaktiwiteit met enige leerder of opvoeder in aanraking kom en/of kommunikeer nie. Indien sodanige leerders die skool wil besoek, moet hulle eers die skriftelike toestemming van die skoolhoof verkry.

e. Alle eiendom en handboeke van die skool, wat in die besit is van ʼn leerder wat uitgesit is, moet eers aan die skool terugbesorg word, voordat die leerder die skoolterrein finaal verlaat, so ook leierskap-balkies en ander regalia in die geval van ʼn leerder wat ʼn leiersposisie beklee het en enige ander erekleure wat vir ander sport, kultuur en/of akademiese prestasies behaal is.

f. Indien daar enige skade of verliese van en aan skooleiendom is wat in die besit van sodanige leerder is of was, is die ouers/voogde verantwoodelik om enige koste te dek. Ouers/voogde sal ook verantwoordelik gehou word vir enige ander skade/kostes wat ontstaan het as gevolg van die leerder se optrede wat gelei het tot sy/haar uitsetting.

2.5 Gemeenskapsdiens

Afhangende van die oortreding kan ʼn leerder die sanksie opgelê word om vir ʼn sekere tydperk gemeenskapsdiens by die skool of by ‘n Beheerliggaam-goedgekeurde instansie te verrig, met inagneming van die kind se ouderdom en vermoëns.

a. Gemeenskapsdiens by die skool beteken dat die leerder die gange, klaskamers en stoepe sal vee, papiere en rommel optel, ensovoorts, maar die leerder mag nie take verrig wat onveilig is nie.

b. Leerders kan ook as deel van ʼn sanksie beveel word om rehabilitasieprogramme of inligtingsprogramme mee te maak in die geval van verbode middels en ander wandade wat met intimidasie, boelie of teistering verband hou.

2.6 Wegneem/verbeur van regte/voorregte en deelname aan skoolaktiwiteite en buite-kurrikulêre aktiwiteite



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

a. Die skoolhoof of Beheerliggaam mag enige regte, voorregte en verantwoordelikhede van ŉ leerder vir ŉ spesifieke tydperk of op ŉ permanente basis vir die res van ŉ akademiese jaar opskort of verbeurd verklaar.

b. Onkunde ten opsigte van die inhoud van die gedragskode is geen verskoning vir wangedrag nie. Let asseblief daarop dat sekere aktiwiteite van leerders ontneem mag word as gevolg van wangedrag, maar ook as gevolg van nie-bywoning van gereëlde skoolaktiwiteite wat in skoolure plaasvind, byvoorbeeld interhuis en die swemgala, en dat die finale beslissing daarvoor by die skoolbestuur lê. Sodanige aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie tot:

   - Interhoër
   - Sport- en/of kulturele aktiwiteite
   - Veldskool
   - Meriete-uitstappies
   - Matriekafskeid
   - Boogstapseremonie en/of matriekkerkdiens
   - Enige ander skoolaktiwiteit wat nie deel van die verpligte skoolkurrikulum is nie.
   - Nominasie vir enige leierskapposisies.

   Bogenoemde aktiwiteite is ŉ voorreg en nie ŉ reg nie.

   Let asseblief daarop dat ingevolge paragraaf 6 van die Nasionale Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van ŉ Gedragskode vir Leerders die verantwoordelikheid vir die gedrag van ŉ leerder finaal by die ouer of voog berus. Daar word ingevolge bogenoemde riglyne verwag dat alle ouers/voogde die skool sal ondersteun en van ŉ leerder sal vereis word dat alle skoolreëls, asook die voorskrifte van die gedragskode en skoolregulasies nagekom moet word en verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant.

   Verder word u daarop gewys dat ingevolge artikel 8(4) van die Skolewet, 1996 geen bepaling van die wet ŉ leerder vrystel van die verpligting om die gedragskode van die skool na te kom en te gehoorsaam nie.

c. Die leerder se reg om opvoeding te ontvang mag nie opgeskort word nie, maar daar waar die leerder die opvoedingsproses versteur of die gedragskode oortree, mag hy/sy uit die aktiwiteit vir ŉ sekere tydperk uitgesluit word en onder toesig in akademiese isolasie geplaas word, welke tydperk deur die skoolhoof of sy gemagtigde(s) bepaal sal word en die leerder in isolasie opvoeding sal ontvang.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

2.7 Verbeuring/wegneem van ŉ leiersamp, ander verantwoordelikhede, erekleure of toekenning deur ŉ leerder verwerf.

Die skoolhoof mag vir ŉ spesifieke tydperk of vir die duur van ŉ akademiese jaar die verantwoordelikhede wat aan ŉ leerder toevertrou is om sekere leiersfunksies uit te voer of enige erekleure of toekenning, opskort of verbeurd verklaar en die leerder opdrag gee om sy/haar leiersbalkie en ander kentekens en regalia in te handig by die skoolhoof of sy gemagtigde(s).

2.8 Skriftelike verskoning

Die dissiplinêre komitee of die skoolhoof mag van ŉ leerder vereis om ŉ skriftelike verskoning oor sy/haar gedrag by die skoolhoof of sy gemagtigde(s) in te dien teenoor ŉ opvoeder en ander mede-leerders wat benadeel is, of te nagekom is deur ŉ leerder se optrede maar die verskoning mag slegs in die privaatheid van die skoolhoof se kantoor teenoor die verontregte aangebied word en nie voor die hele skool of klas nie.

2.9 Ander sanksies/tugstappe wat vir Kennisgewing 6903 soos gewysig vir Deel 1 en 2 oortredings toegepas word en vir vlak 1 – 4 oortredings van die gedragskode en –reëls

a. Inlees van debiete op die dissiplinestelsel. Die inlees van debiete is ŉ vorm van rekordering vir moontlike sanksies in die toekoms.

b. Ouers word in kennis gestel. Dit kan telefonies, per brief, per e-pos, per WhatsApp of per sms wees.

c. Oueronderhoud waar nodig (leerder moet onderhoud of deel van die onderhoud ook bywoon).

d. Berading van leerder.

e. Deurloping van nie-regerings- en of regeringsorganisasieprogram.

f. Detensie/Gemeenskapsdiens vir tot 10 ure.

g. Swartsakdiens/terreindiens vir EEN kwartaal.

h. Skriftelike waarskuwing of finale skriftelike waarskuwing.

i. Verwysing na in-skool uitsluiting.

j. Ontneming van voorregte soos toere, spandeelname, bywoon van funksies en aktiwiteite, eksamenverlof, ensovoorts.

k. Ontneming van kleuretoekennings (prysuitdeling) of verkose posisie soos VLR, MR ensovoorts, permanent van aard.

l. Oneerlikheid (akademies): SAIC ondersoek en kan lei tot SAIC verhoor. Nulpunt vir die betrokke assessering.

m. Beheerliggaam en GDO (waar van toepassing) word in kennis gestel.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

n. Kan lei tot tydelike skorsing (verbod op leerder se bywoning van ’n skool in terme van relevante wetgewing). Kan lei tot uitsetting uit die skool (permanente verbod op leerder se bywoning van die skool waarby hy/sy ingeskryf was), deur die Departementshoof, nadat die proses in terme van die relevante wetgewing gevolg is.

o. Dissiplinêre aksie word geneem kragtens Kennisgewing 6903 van 2000 en Algemene kennisgewing 2591 van 2001. Dit behels ’n volledige verhoor met getuienis en verslae wat gereël word soos omskryf in die Provinsiale Gazette no. 144 van 2000.

## 3. SKEDULE 1 OORTREDING: ERNSTIGE WANGEDRAG WAT SKORSING TOT GEVOLG KAN HÊ

’n Leerder sal skuldig wees aan baie ernstige of werklike ernstige wangedrag indien hy/sy, opsetlik en sonder regverdige verskoning:

3.1 die onderrig- of leerproses in ’n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer;

3.2 aan ’n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur middel van kollektiewe optrede te ontwrig;

3.3 die menswaardigheid van ’n personeellid, ’n ander leerder of persoon beledig of belaster wat rassistiese opmerkings insluit;

3.4 in besit is van enige toets- of eksamenmateriaal of dit versprei wat enige ander persoon in staat mag stel om ’n onregverdige voordeel in ’n toets of eksamen te verkry;

3.5 in ’n toets of eksamen of enige ander vorm van assessering soos take/opdragte, kul;

3.6 onwelvoeglik in die openbaar optree;

3.7 enige ander persoon seksueel teister;

3.8 in besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei;

3.9 onder die invloed van alkohol verkeer of in besit is daarvan.

## 4. SKEDULE 2 OORTREDING: ERNSTIGE WANGEDRAG WAT UITSETTING TOT GEVOLG KAN HÊ

’n Leerder sal aan baie ernstige of werklik ernstige wangedrag skuldig bevind word, indien hy of sy:

4.1 skuldig bevind word aan wangedrag soos in Deel 1 genoem of nadat hy/sy by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is;

4.2 versuim om aan ’n bestraffing of opskorting as korrektiewe maatreël te voldoen of

4.3 opsetlik en sonder regverdige verskoning:



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- enige dokument of handtekening vervals tot die werklike of potensiële nadeel van die skool;
- handel dryf met enige toets- of eksamenvraestel of enige toets- of eksamenmateriaal;
- probeer om enige persoon om te koop of probeer omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen om sodoende vir homself of haarself of ŉ ander persoon ŉ onregverdige voordeel daardeur te verkry;
- bedrog pleeg;
- diefstal pleeg, of andersins oneerlik optree tot nadeel van ŉ ander persoon;
- in besit is, of gebruik maak van enige dwelmmiddel of enige ander ontoelaatbare dwelms of as gevolg van sigbare bewyse van die besit, gebruik of beskikbaarstelling daarvan;
- in besit is van enige gevaarlike wapen;
- enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand;
- enige persoon as gyselaar aanhou;
- enige persoon vemoor;
- enige persoon verkrag, of in enige seksuele daad betrokke is wat ŉ oorteding van die wet is;
- enige eiendom kwaadwillig beskadig.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

**DEEL 4: PROSEDURE BY MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS WAT HANTEER WORD INGEVOLGE DIE SKOOL SE INTERNE DISSIPLINÊRE PROSES**

1. Die begrip "minder ernstige oortredings" verwys na daardie oortredings ten aansien waarvan debietpunte summier toegeken word en waar geen topbestuurverhoor of beheerliggaamverhoor plaasvind nie.

2. Waar die beweerde oortreding in die teenwoordigheid van 'n opvoeder plaasvind of by 'n opvoeder aangemeld word, besluit die opvoeder of dit ŉ geval is waarin summier debietpunte toegeken moet word en of die beweerde oortreding vir verdere ondersoek verwys moet word na die graadvoog of dissiplinêre beampte of dissiplinehoof vir 'n interne dissiplinêre gesprek met die leerder met of sonder die opvoeder teenwoordig, en/of met of sonder die leerder se ouer(s)/voog(de) teenwoordig.

3. Besonderhede van die beweerde oortreding word aan die betrokke leerder gestel en hy/sy moet dan sy/haar weergawe stel of erken.

4. Die dissiplinêre beampte en/of dissiplinehoof bepaal of die leerder skuldig is aan 'n oortreding van die gedragskode en die leerder word ingelig welke debietpunte toegeken word, indien enige; of die aangeleentheid word verwys na 'n intervensiegesprek met die ouer(s)/voog(de) van die leerder teenwoordig, of na 'n topbestuurverhoor/dissiplinêre gesprek waar 'n adjunkhoof die verrigtinge lei met die ouer(s)/voog(de) ook teenwoordig en die dissiplinêre beampte en/of dissiplinehoof die saak stel wat gelei het tot die topbestuurverhoor/dissiplinêre gesprek.

5. ŉ Leerder het twee skooldae tyd om by die dissiplinêre beampte of dissiplinehoof appèl aan te teken teen debietpunte. Indien die debietpunte gehandhaaf word, word ŉ kort verslag op die agterkant van die debietbrief geskryf op by notas op die leerder se profiellêer op d6 aangeteken, en kan die punte nie later weer betwis word nie.

6. Die dissiplinêre beampte of dissiplinehoof ondersoek elke saak wat na hom/haar verwys word volledig en verkry skriftelike verslae van alle moontlike getuies asook enige video- opnames, selfooninhoud ens. Indien daar *prima facie* getuienis gebaseer op die beginsel van waarskynlikheid en 'n ernstige oortreding van die leerdergedragskode is, word die saak na die hoof verwys vir 'n besluit of 'n beheerliggaamverhoor moet plaasvind en sal die nodige prosesse in werking gestel word deur die dissiplinehoof.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

**DEEL 5.1**

**TOPBESTUURVERHOOR / DISSIPLINÊRE GESPREK**

1. **Samestelling van die komitee en bevoegdhede**

1.1 Die komitee bestaan uit, maar is nie beperk nie tot die adjunkhoof, dissiplinehoof, dissiplinêre beampte, graadvoog, maatskaplike werker/berader.

1.2 Die adjunkhoof tree op as voorsitter van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek en die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte stel die saak. Elke lid teenwoordig het spreekreg.

1.3 Alle topbestuurverhore en dissiplinêre gesprekke van die skool moet geskied ingevolge die beginsels van administratiewe geregtigheid.

**2. TOPBESTUUR VERHOORPROSEDURES EN BEGINSELS**

2.1. Die dissiplinehoof/dissiplinêre beampte verwys ʼn leerder vir ʻn topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek. Sien ook die gedragskode vir oortredings wat lei tot ʻn topbestuurverhoor/dissiplinêre gesprek.

2.2. Die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte kontak die ouer(s)/voog(de) van die leerder om hulle in kennis te stel van die leerder se oortreding en dat ʻn topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek volg.

2.3. Die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s) se aandag moet op die volgende aspekte gevestig word: Dat die aangeklaagde leerder geskors mag word van bywoning van die Skool tot en met die datum van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek en dan mag hy/sy nie sonder die uitdruklike toestemming van die skoolhoof die skoolterrein of enige lokaal op die skoolterrein betree of met enige leerder kommunikeer nie.

2.4. Die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte stel ʼn kennisgewing/klagstaat saam, en die ouers en leerder ontvang skriftelik/ per e-pos/ per WhatsApp kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

2.5. Die kennisgewing moet minstens twee skooldae voor die dag van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek oorhandig word.

2.6. 'n Leerder mag net deur sy ouers/voogde bygestaan word tydens die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek en geen leerder is geregtig op die bystand van 'n regspraktisyn of ander persoon tydens 'n topbestuurverhoor/dissiplinêre gesprek nie.

2.7. Die aangeklaagde leerder moet die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek in die korrekte skooldrag bywoon.

2.8. Die verrigtinge van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek mag genotuleer word op ‘n wyse wat die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte goedvind, hetsy skriftelik of via elektroniese opname. Die notule en bevindings word op die leerder se profiellêer geplaas saam met alle tersaaklike dokumente.

2.9 Slegs die skool is gemagtig om verrigtinge op te neem. Geen ouer of enige ander derde party mag opnames maak nie. Hierdie maatreël is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en dien ter beskerming van die privaatheid van minderjarige leerders wat in die verrigtinge genoem of bespreek kan word.

2.10. Die sittings van die topbestuurverhore/ dissiplinêre gesprekke is daarop gerig om te bepaal welke probleme die bepaalde leerder by die Skool ondervind en ten einde daardie probleme aan te spreek.

2.11. Die verrigtinge vind op so ‘n informele wyse moontlik plaas ten einde die aard en omvang van die probleem in die leerder se gedrag vas te stel.

2.12. Die voorsitter van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek sal verseker dat alle partye menswaardig en met die nodige respek behandel word.

2.13. Geen vorm van uitbuiting, intimidasie, teistering en afdreiging van enige party voor, tydens en na afloop van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek mag voorkom nie.

2.14. Die voorsitter van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek moet sorg dra dat die audi alteram partem reël (dit is die reg van alle partye om aangehoor



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

te word) eerbiedig word en dat die regte van alle partye erken, beskerm en eerbiedig word.

2.15. Indien die komitee van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek na oorweging van die feite en die ernstige graad van die oortreding van oordeel is dat dit 'n Deel 1 of 2 oortreding is en ‘n moontlike sanksie van skorsing of dalk tot ‘n aanbeveling tot uitsetting regverdig, word die verrigtinge gestaak en word die leerder verwys vir verhoor deur 'n dissiplinêre komitee van die beheerliggaam.

**3. PLEIT-EN-VONNIS-OOREENKOMS**

Aangesien dit ‘n topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek is, word geen pleit-en-vonnis-ooreenkomste aangegaan nie.

**4. LEERDERS SE REGTE TYDENS DIE TOPBESTUURVERHOOR/ DISSIPLINÊRE GESPREK**

Indien ‘n leerder van ‘n oortreding aangekla word wat lei tot ’n topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek het hy/sy die reg:

4.1. Om in voldoende besonderhede van die beskuldiging/aanklag verwittig te word.

4.2. Om skriftelik ingelig te word van die datum tyd en plek van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek.

4.3 Om ’n skriftelike verslag vooraf af te lê by die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte.

4.4 Om gedurende die verrigtinge bygestaan te word deur een of albei van sy/haar ouers of voogde.

4.5 Dat die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek *in camera* sal plaasvind.

4.6 Dat die besonderhede wat in die topbestuurverhoor/dissiplinêre gesprek openbaar gemaak word, vertroulik sal wees.

4.7 Dat die prosedure van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek deur die voorsitter met aanvang van die verrigtinge aan alle teenwoordiges verduidelik word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

4.8 Op ’n snelle proses sonder enige onredelike vertragings.

4.9 Om volle geleentheid gebied te word tydens die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek om sy/haar saak te stel of tersaaklike feite en omstandighede op rekord te plaas.

4.10 Dat die regte van die leerder (regte en pligte) met inagneming van die beperking van die leerder se regte ingevolge artikel 8 van die SASW, te alle tye gerespekteer en nagekom word en so min as moontlik aangetas word.

4.11 Dat die regte van elke ander party ook erken, beskerm en eerbiedig sal word.

4.12. Om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek.

4.13. Die lede van die komitee moet oop kaarte speel met die leerder deur aan hom/haar te openbaar op welke inligting daar staatgemaak sal word en welke aangeleenthede oorweeg sal word ten einde 'n beslissing te bereik. In daardie stadium word die leerder toegelaat om kommentaar te lewer of getuienis te weerlê of teenargumente voor te lê.

4.14. Om van die uitslag van die bevindinge van die topbestuurverhoor/ dissiplinêre gesprek voorsien te word asook van die sanksie en die redes vir die sanksie opgelê.

## 5. REKORD VAN DIE VERHOOR EN ELEKTRONIESE OPNAMES VAN DIE VERRIGTINGE

5.1. Daar moet behoorlik rekord gehou word van die verrigtinge. Vir hierdie doel mag die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte/graadvoog as sekretariaat optree om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem.

5.2. Die verrigtinge mag opgeneem word in klank en beeld maar waar nodig moet die gesigte van die aangeklaagde leerder nie gewys word nie. Die elektroniese rekord moet gerugsteun word indien daar enige verdere verhore en/of handelinge mag plaasvind, of navrae van die departement of ander partye mag wees.

5.3 Slegs die skool is gemagtig om verrigtinge op te neem. Geen ouer of enige ander derde party mag opnames maak nie. Hierdie maatreël is in



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en dien ter beskerming van die privaatheid van minderjarige leerders wat in die verrigtinge genoem of bespreek kan word.

**6. ONDERSTEUNING, ADVIES, BERADING, SIELKUNDIGE/MAATSKAPLIKE VERSLAG VAN 'N AANGEKLAAGDE LEERDER**

Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die dissiplinehoof/dissiplinêre beampte aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag vergesel tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

**7. VERDERE ONDERSOEKE DEUR DIE KOMITEE GELAS**

Die dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte mag enige aspek wat betrekking het op die saak verder laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

**8. FINALE BEVINDINGS VAN DIE KOMITEE**

8.1 Faktore wat in ag geneem moet word by oorweging van die mees toepaslike sanksie, gebaseer op die waarskynlikheidsbeginsel:

a. Ouderdom en ontwikkelingsfase ('n 8-jarige en 'n 15-jarige kan nie dieselfde hanteer word nie).

b. Houding t.o.v. skoolwerk en mede-leerders.

c. Dissiplinêre -/gedragsrekord, met spesifieke verwysing na die aantal debietpunte en positiewe vermeldings reeds aangeteken.

d. Die leerder se redes vir die oortreding, asook enige relevante aspekte in verband met die leerder se optrede tydens skoolaktiwiteite en in die klas tydens leer en onderrig en enige ander skoolaktiwiteit.

e. Die leerder se berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel, asook sy/haar bereidheid tot verandering.

f. Tipe oortreding en die omvang daarvan.

g. Relevante omstandighede.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

h. Die effek/impak wat die oortreding op ander [se lewens en omstandighede] gehad het.

i. Die frekwensie/herhalende aard van die oortredings.

j. Die omvang van skade en verlies veroorsaak deur die [aangeklaagde] leerder(s) se optrede.

k. Die belange van al die ander leerders in die skoolgemeenskap teenoor die belange van die aangeklaagde leerder.

l. Die leerder se bywoningsrekord en die rede(s) vir afwesigheid.

m. Die leerder se akademiese vordering.

8.2 ‘n Geskikte intervensie of sanksie word bepaal en die leerder en/of ouer teken ‘n brief/ ooreenkoms/ skriftelike waarskuwing/ finale skriftelike waarskuwing dat dit deur die leerder nagekom sal word en indien nie kan ‘n verdere oortreding lei tot ‘n Beheerliggaamverhoor.

## 9. MOONTLIKE SANKSIES

9.1 ‘n Mondelinge waarskuwing.

9.2 ‘n Skriftelike verskoning aan die personeellede en/of mondelings in die hoof se kantoor.

9.3 Akademiese ooreenkoms.

9.4 Akademiese isolasie.

9.5 Skriftelike navorsingsopstel.

9.6 ‘n Finale skriftelike waarskuwing.

9.7 Detensie.

9.8 Ontneming van alle sosiale aktiwiteite wat die skool mag aanbied of deelname van enige uitstappie of toer.

9.9 Die ontneming van sodanige voorregte, insluitende die reg om die skool in sport of enige ander buitemuurse aktiwiteit te verteenwoordig, soos wat die komitee mag bepaal, vir 'n tydperk van tot ses weke.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

9.10 Die ontneming van enige leierskapsvoorregte, wat insluit, maar nie beperk is nie tot Verteenwoordigende Leerderraaad (VLR), Matriekraad (MR), en sportkapteine.

9.11 Ontneming van alle verbintenis en kontak met leerders voor, na en tydens pouses met ander leerders van ons skool op skoolterrein.

9.12 Gemeenskapsdiens.

9.13 Tydelike skorsing van drie dae.

9.14 ’n Kombinasie van bogenoemde sanksies kan opgelê word.

9.15 Sanksies kan ook geheel of gedeeltelik opgeskort word onderworpe aan sekere voorwaardes.

9.16 By ’n oortreding van kleredragreëls en voorkomsreëls kan van die leerder vereis word dat dit onmiddellik reggestel word.

9.17 Die konfiskering van ‘n selfoon/ slimhorlosie/ oorfone vir 2 weke. Stoorgeld van R100 is betaalbaar vir gekonfiskeerde selfone.

## 10. LEDE IN LEIERSPOSISIES

10.1 Om ‘n lid van die Verteenwoordigende Leerderraad (VLR) of Matriekraad (MR) te wees is ‘n voorreg en nie ‘n reg nie. Sanksies kan tesame met of in die alternatief tot bogenoemde in 1.9 hierbo toegeken word:

a. skorsing van pligte vir ‘n tydperk van tot ses weke en verbeuring van die dra van enige balkie of baadjie en/of das en/of wit hemp

b. afdanking en permanente verwydering uir die posisie van ‘n lid van die Verteenwoordigende Leerderraad of Matriekraad.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

**DEEL 5.2**

**VERHOOR DEUR DIE DISSPLINÊRE KOMITEE VAN DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM**

1. **SAMESTELLING/AANSTELLING VAN DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE EN BEVOEGDHEDE**

1.1 Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees of 'n gekoöpteerde lid wat kwalifiseer om 'n lid of gekoöpteerde lid van die beheerliggaam en/of sy komitees te wees.

Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige sanksie-maatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Departementshoof.

1.2 Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie. 'n Besluit van die dissiplinêre komitee word dus geag 'n besluit van die SBL te wees.

1.3 Die dissiplinêre komitee mag slegs die gesag uitoefen waarvoor dit saamgestel is binne die raamwerk van die Skool se beleide en die wetgewing wat op die Skool betrekking het. Die magte van die komitee mag nie vir bedekte redes gebruik word nie.

1.4 Die dissiplinêre komitee is 'n administratiewe tribunaal met die uiteindelike oogmerk van opvoeding en rehabilitasie van leerders en die verrigtinge vind plaas as 'n administratiewe proses en is nie 'n "mini hofsaak" nie.

1.5 In die algemeen is administratiewe tribunale nie gebonde aan die "streng" bewysreëls soos nodig in howe nie, en kan hulle spoedig 'n besluit neem met inagneming van die bewyse en getuienis wat aan hulle voorgehou word. Desnieteenstaande moet die minimum standaarde van bewyse nagekom word as geregtigheid moet geskied want administratiewe tribunale is onderhewig



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

aan die reël van ‘n oorwig van waarskynlikhede nadat alle getuienis in ag geneem is.

1.6 Alle dissiplinêre verhore en die dissiplinêre prosesse van die Skool moet geskied ingevolge die beginsels van administratiewe geregtigheid. Sentraal tot die dissiplinêre verhoor is die finale besluit wat die komitee moet neem binne die wetlike raamwerk van hulle taakopdrag wat voortspruit uit verskeie stukke wetgewing wat die dissiplinêre proses van die Skool reël.

## 2. DIE AANKLAER/GETUIENISLEIER VAN DIE SKOOL

Die aanklaer van die Skool sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, en kan dokumente en bewyse wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê binne die administratiewe tribunaalstelsel.

## 3. DISSIPLINÊRE VERHOORPROSEDURES EN BEGINSELS

3.1 Die dissiplinêre komitee is ‘n administratiewe tribunaal en daarom is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger nie daarop geregtig om vooraf van enige bewysstuk oor die saak teen hom/haar voorsien te word nie, buiten die klagstaat/kennisgewing van die verhoor.

3.2 Omdat die dissiplinêre komitee se verrigtinge administratief van aard is, is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger nie geregtig daarop om van enige bewysstuk oor die saak teen hom/haar voor die Dissiplinêre Komitee voorsien te word nie.

3.3 Dit is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s) se verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat hy/sy wil roep, by die dissiplinêre verhoor se verrigtinge teenwoordig is en teenwoordig bly vir solank as wat hulle teenwoordigheid vereis word.

3.4 Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling van die verhoor teenwoordig te bly, en sonder goeie rede (waarvan die finale beslissing by die komitee berus) versoek dat die verhoor gestaak word en op ‘n latere datum hervat word, sal die dissiplinêre verhoor in die afwesigheid van die



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger voortgesit en afgehandel word en sal dit nie die verrigtinge en besluite van die dissiplinêre verhoor ongeldig maak nie.

3.5 Die aangeklaagde leerder moet die dissiplinêre verhoor in die korrekte skooldrag bywoon.

3.6 Die voorsitter van die komitee mag binne 5 skooldae die bevindinge van die komitee op skrif, met redes vir die uitspraak, aan die Skool en aan die aangeklaagde leerder en sy haar ouer(s)/verteenwoordiger bekend maak. Indien die aangeklaagde leerder skuldig bevind word sal die verrigtinge hervat sodat getuienis ter versagting/verswaring voorgelê kan word om ‘n gepaste sanksie op te lê. Die voorsitter van die komitee mag binne 5 skooldae die sanksie(s) van die komitee op skrif, aan die Skool en aan die aangeklaagde leerder en sy haar ouer(s)/verteenwoordiger bekend maak.

3.7 Die verrigtinge van die dissiplinêre verhoor sal elektronies opgeneem word en ook genotuleer word en die opname, notule en bevindings van die komitee is die enigste amptelike rekord van die verhoor.

3.8 Slegs die skool is gemagtig om verrigtinge op te neem. Geen ouer of enige ander derde party mag opnames maak nie. Hierdie maatreël is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en dien ter beskerming van die privaatheid van minderjarige leerders wat in die verrigtinge genoem of bespreek kan word.

3.9 Die aangeklaagde leerder moet kennis neem dat ‘n aanbevole sanksie van tydelike skorsing en/of permanente uitsetting of enige ander wettige sanksie aan hom/haar deur die dissiplinêre komitee opgelê kan word.

3.10 Die aangeklaagde leerder het nie ‘n outomatiese reg op regsverteenwoordiging of om deur ‘n regsverteenwoordiger vergesel te word nie. Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouers versoek dat die aangeklaagde leerder deur ‘n regsverteenwoordiger vergesel moet word is die persoon slegs daar in loco parentis en nie as ‘n regsverteenwoordiger nie.

3.11 Dit is nie nodig vir die Dissiplinêre Komitee om bo alle twyfel en met absolute sekerheid te bewys dat ‘n aangeklaagde leerder skuldig van ’n oortreding is



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

nie. Dit is nie ‘n hofsaak of kriminele ondersoek nie en hoef daar slegs op ‘n balans van waarskynlikheidsbewys deur die Dissiplinêre Komitee bevind word dat die aangeklaagde leerder skuldig is van die beweerde wangedrag/ oortreding.

3.12 Indien die aangeklaagde leerder verdere beweerde wangedrag begaan nadat die klagstaat uitgereik is, kan die ander beweerde wangedrag in ‘n addisionele klagstaat by die bestaande beweerde klagtes bygevoeg word en/of as verswarende omstandighede in ag geneem word deur die dissiplinêre komitee.

3.13 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee en die Skoolhoof sal verseker dat alle partye in die dissiplinêre proses menswaardig en met die nodige respek behandel word.

3.14 Geen vorm van uitbuiting, intimidasie, teistering en afdreiging van enige party of getuie of die beskuldigde voor, tydens en na afloop van die verhoor mag voorkom nie. Indien dit ‘n volwasse persoon of ouer is het die voorsitter van die dissiplinêre komitee of die skoolhoof die reg om sodanige persoon die Skoolterrein en sitting tydens die verrigtinge te belet of die verrigtinge te verdaag sodat die saak met die persoon bespreek kan word en hy/sy daarop gewys kan word dat hulle optrede nie in belang van enige persoon betrokke by die verrigtinge is nie.

3.15 Die ouderdom en die verstandelike vlak van ontwikkeling van die aangeklaagde leerder en ander leerders betrokke kan in ag geneem word gedurende die proses.

3.16 Die doel van die dissiplinêre verhoorproses is om die korrekte feite vas te stel deur die toepassing van die *audi alteram partem* reël (dit is die reg van alle partye om aangehoor te word).

3.17 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee en die skoolhoof of sy gemagtigde(s) moet sorg dra dat die *audi alteram partem* reël (dit is die reg van alle partye om aangehoor te word) tydens alle dissiplinêre optredes eerbiedig word en dat die regte van alle partye erken, beskerm en eerbiedig word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

3.17 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte en prosedure van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se ouer/persoon wat hom/haar vergesel, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om die leerder se saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente en bewyse wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê binne die administratiewe tribunaalstelsel.

3.18 Die hele verhoor se verrigtinge is hoogs vertroulik en geskied in camera en geen persoon wat nie by die verhoor betrokke is nie sal toegelaat word nie. Nadat getuies ondervra is word hulle verskoon en moet die voorsitter hom/haar vermaan dat hy/sy geen persoon mag inlig oor die vrae wat gestel is, enige bewyse wat voorgelê is of enige getuienis wat gelewer is nie.

## 4. PLEIT-EN-VONNIS-OOREENKOMS

Die aangeklaagde leerder kan die dissiplinêre prosedure verkort deur ŉ pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die aanklaer te sluit voor die verhoor. Sodanige ooreenkoms moet deur die dissiplinêre komitee bekragtig word alvorens dit afdwingbaar is en sanksie uitspreek.

## 5. DIE DISSIPLINÊRE VERHOORPROSES

5.1. Kennisgewing/Klagstaat van die verhoor:

a. Die aanklaer stel ŉ klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings (plek, datum en tyd) word deur die dissiplinehoof in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

b. Die klagstaat moet genoegsame inligting en besonderhede oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding(s) uiteensit sodat die leerder(s) die besonderhede van die aanklag(te) van die beweerde wangedrag wat die aangeklaagde leerder blykbaar gepleeg het, teen hom/haar verstaan, die besondere insidente kan identifiseer, sodat hy/sy in ‘n posisie is om op die klagte(s) tydens die verhoor te antwoord en hom-/haarself te kan verdedig.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

c. Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s) weier om ontvangs te erken en vir die klagstaat te teken, moet die getuie en die persoon wat die klagstaat aan die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s) oorhandig, op die afskrif van die klagstaat die tyd en datum skriftelik aanteken en daarby teken met hulle name daarby, wat beteken dat die klagstaat aan die leerder en/of sy/haar ouer(s) oorhandig is/getoon is en dat hy/sy weier om daarvoor te teken of dit in ontvangs te neem. Dit is raadsaam om ook die klagstaat en kennisgewing van die verhoor aan die ouer/voog van die leerder te stuur per e-pos of WhatsApp of selfs persoonlik te laat aflewer of ’n SMS/WhatsApp te stuur dat die ouer welkom is om die klagstaat by die Skool in ontvangs te neem.

d. Die klagstaat moet minstens vyf skooldae voor die verhoor oorhandig word.

e. Dit is aanvaarbaar dat briewe en kennisgewings óók aan ouers en leerders per e-pos en/of per WhatsApp bedien word indien briewe/kennisgewings nie op ‘n ander manier bedien kan word nie.

f. Tydens die oorhandiging van die klagstaat moet op die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s) se aandag op die volgende aspekte gevestig word:

- Sy of haar regte.
- Dat die aangeklaagde leerder geskors mag word van bywoning van die Skool tot en met die datum van die verhoor en dan mag hy/sy nie sonder die uitdruklike toestemming van die skoolhoof die skoolterrein of enige lokaal op die skoolterrein betree of met enige leerder kommunikeer nie.
- Dit is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s) se verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat hy/sy wil roep, tydens die dissiplinêre verhoor se verrigtinge teenwoordig is en teenwoordig bly vir solank as wat hulle teenwoordigheid vereis word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

- Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s)/ verteenwoordiger versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling van die verhoor teenwoordig te bly, en sonder goeie rede (waarvan die finale beslissing by die komitee berus) versoek dat die verhoor gestaak word en op ‘n latere datum hervat word, sal die dissiplinêre verhoor in die afwesigheid van die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouers/verteenwoordiger voortgesit en afgehandel word en sal dit nie die verrigtinge en besluite van die dissiplinêre verhoor ongeldig maak nie.
- Dit is nie nodig vir die dissiplinêre komitee om bo alle twyfel en met absolute sekerheid te bewys dat ‘n aangeklaagde leerder skuldig van ’n oortreding is nie. Dit is nie ‘n hofsaak of kriminele ondersoek nie en hoef daar slegs op ‘n balans van waarskynlikheid bewys deur die Dissiplinêre Komitee bevind word dat die aangeklaagde leerder skuldig is van die beweerde wangedrag/ oortreding.

## 6. LEERDERS SE REGTE TYDENS ENIGE DISSIPLINÊRE PROSES

Indien ‘n leerder van ‘n ernstige oortreding aangekla word wat lei tot ’n dissiplinêre verhoor het hy/sy die reg:

6.1 Om deur die skoolhoof of sy gemagtigde(s) oor sy/haar regte ingelig te word ingevolge die gedragskode in die teenwoordigheid van ’n ouer ander volwasse persoon van sy/haar keuse.

6.2 Om volledige besonderhede van die beskuldiging/aanklag te ontvang en die klagte soos vervat in die klagstaat, aan hom/haar deur die skoolhoof/ dissiplinehoof/ adjunkhoof verduidelik te word sodat hy/sy die klagte ten volle te verstaan voor die dissiplinêre verhoor ’n aanvang neem en/of die leerder se skorsing (indien van toepassing) in begin in afwagting van die verhoor.

6.3 Om skriftelik ingelig te word van die datum tyd en plek van die dissiplinêre verhoor.

6.4 Om ’n skriftelike verslag vooraf af te lê by die skoolhoof/dissiplinehoof/ dissiplinêre beampte.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

6.5 Om nie self-inkriminerende getuienis af te lê of verklarings te maak nie.

6.6 Om genoeg tyd te hê om ‘n verweer voor te berei, word maar nie langer as 7 Skooldae nie.

6.7 Dat die verhoor in camera sal plaasvind.

6.8 Om voor die dissiplinêre komitee te verskyn om sy/haar saak te stel

6.9 Op ‘n tolk mits die skoolhoof 72 uur voor die aanvang van die verhoor dienooreenkomstig in kennis gestel word sodat ‘n tolk gereël kan word. Kostes vir die tolk/regsverteenwoordiger/getuienis is vir die sak van die aangeklaagde leerder/sy ouers.

6.10 Om gedurende dissiplinêre verrigtinge bygestaan te word deur een of albei van sy/haar ouers of ‘n voog of ’n ander volwasse persoon wat deur die ouer(s) daartoe skriftelik gemagtig is tensy die beheerliggaam geregverdigde betoog kan lewer waarom die saak moet voortgaan in die afwesigheid van die ouer(s) of ’n persoon deur die ouers gemagtig .

6.11 Om onskuldig geag te word, te swyg, en nie gedurende verrigtinge te getuig of verklarings te maak nie.

6.12 Dat die prosedure van die dissiplinêre verhoor deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee voor die aanvang van die verhoor aan alle teenwoordiges verduidelik word.

6.13. Om getuies te roep en getuies tydens die verrigtinge te ondervra.

6.14 Getuies/regsverteenwoordiger wat deur die aangeklaagde leerder geroep word, moet 72 uur voor die tyd aan die Skool bekendgemaak word.

6.15 In die geval waar die Skool getuies roep moet dit ook 72 uur voor die tyd aan die aangeklaagde leerder bekendgemaak word.

6.16 Op ’n snelle proses sonder enige onredelike vertragings.

6.17 Dat die *audi alteram partem* reël tydens alle dissiplinêre optredes eerbiedig word en dat die regte van alle partye erken, beskerm en eerbiedig word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

6.18 Om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek, om getuienis ter versagting voor die oplegging van ‘n sanksie aan die komitee voor te lê en die dissiplinêre komitee daaroor toe te spreek.

6.19 Dat die besonderhede wat in die verhoor openbaar gemaak word vertroulik sal wees.

6.20 Om van die uitslag van die bevindinge van die dissiplinêre komitee op skrif voorsien te word asook van die sanksie en die redes vir die sanksie opgelê.

6.21. Om indien die klagte tot ‘n skuldigbevinding gelei het dat die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouer/die persoon wat hom/haar vergesel ‘n geleentheid te kry om getuienis ter versagting voor te lê en die dissiplinêre komitee daaroor toe te spreek.

6.22 Om indien die klag tot skorsing gelei het, appèl aan te teken ingevolge die regulasies wat deur die Gauteng Departement van Onderwys uitgereik is.

6.33 Insgelyks het ‘n verontregte party ook dieselfde regte.

## 7. REKORD VAN DIE VERHOOR EN ELEKTRONIESE OPNAMES VAN DIE VERRIGTINGE

7.1 Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam ’n persoon (sekretariaat) aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon is nie ‘n lid van die dissiplinêre komitee nie.

7.2 Die verhoor mag opgeneem word in klank en beeld maar waar nodig moet die gesigte van die aangeklaagde leerders en ander getuies nie gewys word nie. Die elektroniese rekord moet gerugsteun word indien daar enige verdere hofsake en/of handelinge en navrae van die Departement of ander partye mag wees.

7.3 Slegs die skool is gemagtig om verrigtinge op te neem. Geen ouer of enige ander derde party mag opnames maak nie. Hierdie maatreël is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en dien ter beskerming van die privaatheid van minderjarige leerders wat in die verrigtinge genoem of bespreek kan word.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

7.4 Die komitee mag van telefoniese oproepe gebruik maak waar getuies nie beskikbaar is om in persoon te getuig nie en/of waar ‘n tussenganger gebruik word deur ‘n getuie om sy/haar identiteit te beskerm of weens ander redes wat deur die komitee as legitieme redes aanvaar word.

7.5 Die komitee mag van videokonferensie/ skyping oproepe gebruik maak waar getuies nie beskikbaar is om in persoon te getuig nie en/of waar ‘n tussenganger gebruik word deur ‘n getuie om sy/haar identiteit te beskerm of weens ander redes wat deur die komitee as legitieme redes aanvaar word.

## 8. AANSTELLING VAN ’N TUSSENGANGER VIR LEERDERGETUIES TYDENS ‘N VERHOOR

8.1 Indien enige dissiplinêre verrigtinge hangend is voor ‘n dissiplinêre komitee en dit blyk dat dit enige getuie onder die ouderdom van 18 aan oormatige geestelike stres of lyding sal blootstel indien hy/sy voor die komitee sou getuig, mag die beheerliggaam of die komitee, indien dit haalbaar is, ’n bevoegde persoon aanwys om as tussenganger op te tree en deur bemiddeling van die tussenganger sy/haar getuienis te lewer.

8.2 Geen ondervraging en/of kruisondervraging van sodanige getuie mag direk gedoen word nie maar moet deur die bemiddeling van die tussenganger geskied.

8.3 Indien die beheerliggaam of die komitee ’n tussenganger aanwys, mag die beheerliggaam of komitee opdrag gee dat die getuie sy/haar getuienis lewer by enige plek wat:

a. Informeel ingerig is om die getuie op sy/haar gemak te plaas.

b. Op so manier ingerig is dat enige persoon wie se teenwoordigheid die getuie mag ontstel, buite sig en hoorafstand is van die getuie.

c. Die beheerliggaam en/of komitee en enige ander persoon wie se teenwoordigheid nodig is vir die verrigtinge in staat stel om die getuie en/of tussenganger te kan hoor deur middel van die gebruik van enige



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

elektroniese of ander toerusting gedurende die aflegging van die getuie se getuienis .

**9. ONDERSTEUNING, ADVIES, BERADING, SIELKUNDIGE/MAATSKAPLIKE VERSLAG VAN 'N AANGEKLAAGDE LEERDER**

9.1 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die Skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag vergesel tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

9.2 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee of die skoolhoof het die reg om 'n sielkundige evaluering of maatskaplike evaluering van 'n leerder aan te vra voordat straf of sanksie toegewys word.

**10. VERDERE ONDERSOEKE DEUR DIE KOMITEE GELAS**

Die dissiplinêre komitee mag enige aspek wat betrekking het op die saak verder laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

**11. FINALE BEVINDINGS VAN DIE KOMITEE**

11.1. Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee ŉ besluit oor die leerder se skuld of onskuld gebaseer op die waarskynlikheidsbeginsel. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van ŉ beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir ŉ redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

11.2. Die komitee moet binne 5 skooldae sy bevindings op skrif bekend maak aan die leerder en sy/haar ouers.

11.3. Faktore wat in ag geneem moet word by oorweging van die mees toepaslike sanksie:

a. Ouderdom en ontwikkelingsfase ('n 8-jarige en 'n 15-jarige kan nie dieselfde hanteer word nie).

b. Houding ten opsigte van skoolwerk en mede-leerders.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO

c. Dissiplinêre rekord en bereidheid tot verandering.

d. Die leerder se redes vir die oortreding.

e. Die leerder se berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel. (Alhoewel hierdie aspek ‘n subjektiewe siening van die dissiplinêre komitee mag wees).

f. Tipe oortreding en die omvang daarvan.

g. Relevante omstandighede.

h. Die effek/impak wat die oortreding op ander [se lewens en omstandighede] gehad het.

i. Die frekwensie/herhalende aard van die oortredings.

j. Die omvang van skade en verlies veroorsaak deur die [aangeklaagde] leerder(s) se optrede.

k. Die belange van al die ander leerders in die skoolgemeenskap teenoor die belange van die aangeklaagde leerder.



[1]artikel 12 saamgelees met artikels 16 en 52 van die Skolewet
[2]artikel 8 van die Skolewet
[3]verdere sinonieme en akronieme is vervat in Deel 21
[4]artikel 8(4) van die Skolewet
[5]kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig
[6]artikel 9 van die Skolewet en die regulasies soos uitgevaardig deur die GDO